

**Optimalisering van Gemeenskapsdeelname in Geïntegreerde
Ontwikkelingsbeplanning: 'n Wellington-Gevalllestudie**

Jacobus F Smit



Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad
van Magister in Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch



Studieleier: Ismail Davids

Desember 2001

VERKLARING

Ek die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.



Hantekening

Datum

VOORWOORD

Eerstens wil ek ons Vader bedank vir die gesondheid en krag waarmee Hy my toebedeel het- daarsonder sal ek nooit hierdie werkstuk kon voltooi het nie. 'n Besondere woord van dank aan mnre. I Davids en F Theron van die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning aan die Universiteit van Stellenbosch, vir die motivering en leiding wat tydens die navorsing verskaf is.

Laastens sê ek dankie aan my moeder J Jooste en twee sussies Deidre en Claudia.

Aan my ouma Sarah Mc Carthey: "soete rus".

OPSOMMING

Suid-Afrikaners is vertrouwd met apartheidsbeginsels en praktyke. Apartheidsbeginsels is nie net as 'n meganisme gebruik om groepe van hul menseregte te ontnem nie, maar dit het ook aanleiding gegee tot gebrekkige of geen gemeenskapsdeelname in owerheidsbesluitneming. Suid-Afrika se demokratiese regeringstelsel (na 1994) streef daarna om gemeenskapsdeelname in owerheidsbesluitneming te verhoog. Binne hierdie hoedanigheid het die nasionale regering gemeenskapsontwikkelingsbeleide en programme soos die *Heropbou-en Ontwikkelingsprogram (1994)*, *Masakhane-program (1988)* en *Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning (1997)* daargestel.

Die navorsing fokus op Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning (GOB), en plaaslike owerhede se rol ten opsigte van die stimulering van gemeenskapsdeelname. Verskeie deelname-modelle word uitgelig en aan die hand van die Wellington-geval, word aangetoon dat gemeenskappe optimaal sal deelneem aan ontwikkelingsaktiwiteite indien hul deelname sal bydra tot hul eie bemagtiging.

Die navorsingsmetodologie sluit in onderhoude, televisie-nuusprogramme, koerantartikels en fokusgroep-sessies. Terugvoering van die fokusgroep-onderhoude dui aan dat die gemeenskap gemaksugtig is en verwag dat aktiwiteite vir hulle onderneem word. Daar is waargeneem dat betekenisvolle meganismes om gemeenskapsdeelname te optimaliseer gebrekkig was. Die kommunikasie-bemagtigingsmodel en aanbevelings word aangebied ten einde gemeenskapsdeelname te optimaliseer. Die volgende aanbevelings word gemaak naamlik, toeganklikheid van ontwikkelingsinisiatiewe; mobilisering van die gemeenskap; relevante administratiewe vaardighede van openbare amptenare; demokratiese grondwet en beleide; konkrete beleide rakende gemeenskapsdeelname; betekenisvolle bemagtiging van die gemeenskap; verduideliking van die inhoud van konsepte, programme en

projekte, opleiding van amptenare; bewuswording van beleidsimplikasies rakende gemeenskapsdeelname en munisipale beplanning in 'n samewerkende regering.

SUMMARY

South Africans are familiar with apartheid principles and practices. Apartheid principles were not only used as a mechanism that robbed people of their human rights, but it also gave rise to limited or no community participation in government decision-making. South Africa's democratic regime (after 1994) is striving to increase community participation in government decision-making. In this regard, the South African national government is initiating community development policies and programmes such as the *Reconstruction and Development Programme (1994)*, *Masakhane programme (1998)* and *Integrated Development Planning (1997)*.

This research focuses on Integrated Development Planning (IDP) and local government's role in stimulating community participation. Various participation models are highlighted, and the Wellington case is used to illustrate that communities will participate optimally in development activities if their participation will bring about their own empowerment.

The research methodology includes interviews, television news programmes, newspaper articles and focus group sessions. Responses from the focus group interviews indicated that the community is easy-going and they expect activities to be undertaken for them. It was also noted that meaningful mechanisms for enhancing community participation are limited. The community-empowerment model and recommendations are presented to optimise community participation. The following recommendations are made, namely accessibility of development initiatives, mobilising the community, relevant administrative skills of public officials, democratic constitution and legislation, concrete policy relating to community participation, meaningful empowerment of the community, explaining the content of concepts, programmes and projects, training for public officials, awareness of policy implications with regards to community participation and municipal planning in co-operative government.

INHOUDSOPGAWE

Verklaring	i
Voorwoord	ii
Opsomming	iii
Summary	v
Lys van figure	x
Bylae	x

1 AGTERGROND

1.1 INLEIDING	1
1.2 PROBLEEMSTELLING EN HIPOTESE	2
1.3 METODOLOGIE	5
1.4 STRUKTUUR	6
1.5 VERKLARING VAN KONSEPTE	9
1.5.1 Gemeenskap	9
1.5.2 Deelname	11
1.5.3 Gemeenskapsdeelname	12
1.5.3.1 Rolspelers in Gemeenskapsdeelname	13
1.5.3.1.1 Gemeenskapsleiers	14
1.5.3.1.2 Beplanners	15
1.5.3.1.3 Eksterne agente	15
1.5.3.1.4 Projekagente	15
1.5.4 Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning	15
1.6 Verband tussen konsepte	18
1.6 SAMEVATTING	19

2 AARD VAN GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSBEPLANNING

2.1 INLEIDING	21
2.2 AGTERGROND	21
2.2.1 Beplanning	22
2.3 HISTORIESE AGTERGROND	23
2.4 ONTWIKKELINGSBEPLANNING IN SUID-AFRIKA	25
2.5 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSBEPLANNING	27
2.5.1 Plaaslike beplanning ten einde die plaaslike owerhede se ontwikkelingsrol te handhaaf	27
2.5.2 Plaaslike beplanning in ko-operatiewe regering	27
2.5.3 Aanpassing van geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning	28
2.5.4 Operasionele strategieë	28
2.5.5 Finansiële plan	29
2.5.6 Plaaslike owerheidsdiensvennootskappe	29
2.6 SAMEVATTING	31

3 MODELLE OM DEELNAME TE OPTIMALISEER

3.1 INLEIDING	33
3.2 MODEL 1: DEELNAME AS KOMMUNIKASIE	33
3.3 MODEL 2: DEELNAME AS BEÏNVLOEDING	35
3.4 MODEL 3: DEELNAME AS EKSPLOITASIE	36
3.5 MODEL 4: DEELNAME AS BETROKKENHEID	37
3.6 MODEL 5: DEELNAME AS BEMAGTIGING	39
3.6.1 KOMPONENTE VAN BEMAGTIGING	40
3.6.1.1 Demokratiese beginsels	41

3.6.1.2 Strukturele toeganklikheid	43
3.6.1.3 Subjektiewe bemagtiging	44
3.6.1.4 Mobilisering van bronne	45
3.7 SAMEVATTING	45
4 GEVALLESTUDIE: WELLINGTON	
4.1 INLEIDING	47
4.2 OMSKRYWING VAN DIE WELLINGTON-GEMEENSKAP	48
4.3 IDENTIFISERING EN BESKRYWING VAN ONDERSKEIE ROLSPELERS IN GEMEENSKAPSDEELNAME BINNE GOB TE WELLINGTON	50
4.3.1 Plaaslike owerheid as kontroleerder	50
4.3.2 Plaaslike owerheid as beplanners	50
4.3.3 Projekagente	51
4.3.4 NRO's/Eksterne-agente	54
4.3.5 Gemeenskapsleiers	55
4.3.5.1 Fokusgroep-onderhoude gevoer met groep 1: persone tussen 18 en 35 jaar oud, 15 Oktober 2000	56
4.3.5.2 Fokusgroep-onderhoude gevoer met groep 2: persone tussen 35 en ouer, 15 Oktober 2000	58
4.4 SAMEVATTING	60
5 SLOTOPMERKINGS EN AANBEVELINGS	
5.1 INLEIDING	63
5.2 DIE KOMMUNIKASIE-BEMAGTIGINGSMODEL AS MEGANISME OM GEMEENSKAPSDEELNAME TE OPTIMALISEER	63

5.2.1	KOMMUNIKASIE-MODEL	63
5.2.1.1	Kontak met plaaslike owerhede	65
5.1.2.2	Persoonlike besoeke aan die Wellington plaaslike owerheid	65
5.1.2.3	Bywoning van raadsvergaderings	66
5.1.2.4	Bywoning van openbare vergaderings	67
5.1.2.5	Fasilitering van inligtingsvergaderings	67
5.1.2.6	Openbare deelnemede staande komitees	67
5.1.2.7	Deelneem aan fokusgroep-onderhoude	67
5.1.2.8	Dinkskrumme	68
5.2.2	BEMAGTIGINGS-MODEL	68
5.2.3	KOMMUNIKASIE-BEMAGTIGINGSMODEL	69
5.3	SAMEVATTING	70
5.4	AANBEVELINGS	72
5.4.1	Toeganklikheid van ontwikkelingsinisiatiewe	72
5.4.2	Mobilisering van die gemeenskap	72
5.4.3	Relevante vaardighede	73
5.4.4	Demokratiese grondwet	73
5.4.5	Konkrete beleid rakende gemeenskapsdeelname	74
5.4.6	Betekenisvolle bemagtiging van die gemeenskap	74
5.4.7	Verduidelik die inhoud van konsepte, programme en projekte	75
5.4.8	Opleiding van openbare amptenare	75
5.4.9	Beleidsimplikasies rakende gemeenskapsdeelname	75
5.4.10	Munisipale beplanning in samewerkende regering	75
5.5	SLOTOPMERKINGS	76

BIBLIOGRAFIE

79

LYS VAN FIGURE

Tabel 1: Ongelykheidsvlakke tussen Blanke en Swart Suid-Afrikaners	1
Diagram 1: Geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning	4
Diagram 2: Struktuur van werkstuk	8
Diagram 3: Rolspelers in gemeenskapsdeelname	14
Diagram 4: Institusionele kapasiteit en deelnemende kapasiteit van plaaslike owerhede	18
Diagram 5: Stappe in die beplanningsproses	30
Diagram 6: Komponente van bemagtiging	41
Diagram 7: Trekskaal	58

BYLAE

A: Wellington-nuusbrief	88
B Kaart 1: Wellington in die Boland-streek	89
C Kaart 2: Ligging van Wellington in Wynland Distrikraad	90
D Kaart 3: Geografiese grense van dorpe in Wellington	91
E Sektore as belangrike vetrekpunte geonderskei	92

HOOFSTUK 1**AGTERGROND**

“Communities are unique social entities continuously changing and adapting to the various social, economic and political environments” in Theron en Liebenberg (1997: 28-41).

1.1 INLEIDING

Die apartheidswetgewing van die verlede het Suid-Afrika se bevolking in verskillende rasse-groepe geklassifiseer. Die Integrated Development Planning Manual (1998 b) (IDP-handleiding) dui aan dat die Blanke minderheid deur apartheidswetgewing bevoordeel is, terwyl die Swart meerderheid in armoede moes leef. Tabel 1 illustreer byvoorbeeld hoe daar vanweë die apartheidswetgewing van die verlede nog vlakke van ongelykheid (Eskom 1996: 12) tussen Blanke en Swart Suid-Afrikaners bestaan.

TABEL 1: ONGELYKHEIDSVLAKKE TUSSEN BLANKE EN SWART SUID-AFRIKANERS

INDIKATOR	SWART BEVOLKING	BLANKE BEVOLKING
% van nasionale bevolking	76%	14%
Gemiddelde kwalifikasies	Standerd 5 (Graad 7)	Standerd 10 (Graad 12)
% woon in informele strukture	30%	0,6%
% woonagtig in huise	11%	87%
Gemiddelde aantal kamers in die woning	3,7	9,2
% met elektrisiteit	25%	92%
% met telefoon	8%	91%
% wat motors besit	4%	87%
% met loop as primêre vervoerbron	26%	9%
% geletterd	56%	99,8%

BRON: (Eskom 1996:12)

Ismail et al. (1997: 46), die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP)-dokument (1994: 2), Heymans (1990: 9) en die Witskrif op Plaaslike Regering (1998: 7) (White Paper on Local Government) dui aan dat apartheidswetgewing met mag afgedwing was. Dit het bygedra tot politieke konflik, sowel as ruimtelike en sosiale agterstande onder Swart Suid-Afrikaners.

As gevolg van Suid-Afrika se apartheidsgeskiedenis moes die huidige regering 'n sterk vennootskap aangaan met alle regeringsfere, gemeenskapsgebaseerde organisasies en private instellings sodat:

- (1) historiese ongelykhede uit die weggeruim kon word, en
- (2) gemeenskappe versterk kon word.

Die IDP-handleiding (1998 b), Hanekom (1988: 20) en Ismail et al. (1997: 59) dui aan dat plaaslike owerhede 'n belangrike rol speel in die bemagtiging van plaaslike gemeenskappe, vis-a-vis die implementering van die beginsel van gemeenskapsdeelname. 'n Beginsel wat nie net die gemeenskap se begeertes en verwagtinge sal uitlig nie, maar ook die betrokke gemeenskappe sosiaal, polities, kultureel en ekonomies sal transformeer .

1.2 PROBLEEMSTELLING EN HIPOTESE

Die demokratiese beginsel en gemeenskapsdeelname dien as vertrekpunte vir elke Suid-Afrikaanse plaaslike owerheid (sien Witskrif op Plaaslik Regering, 1998). Ingevolge die Munisipale Stelselwet (2000: 31) (Local Government: Municipal Systems Act) moet plaaslike owerhede 'n deelnemende kultuur aanmoedig en gevolglik 'n klimaat skep waarbinne deelname bevorder kan word. Daar word aangevoer dat verskillende meganismes aangewend kan word om gemeenskapsdeelname te verbeter, byvoorbeeld dat petisies, geskrewe klagtes, openbare ontmoetings, openbare verhore en opnames gebruik kan word om 'n aanduiding te kry van die gemeenskap se persepsies, behoeftes en ervarings (sien ook Meyer en Theron 2000: 31-61).


Skrywers soos Burkey (1993: 56) beklemtoon die belangrikheid van gemeenskapsdeelname op plaaslike vlak vanweë die bydrae wat dit kan lewer tot menslike ontwikkeling.

Plaaslike owerhede worstel tans met hul verwagte ontwikkelingsrol soos saamgevat in die Suid-Afrikaanse Grondwet (Wet 108 van 1996: artikel 40) en die Witskrif op Plaaslike Regering. Munisipaliteite in die Oos-Kaap (Elliott) en Kwazulu Natal sukkel om hul ontwikkelingsrol ten opsigte van die bevrediging van hulle gemeenskappe se behoeftes aan skoon water en 'n skoon omgewing te vervul. Die situasie word toegeskryf aan beperkte tegniese vaardighede en swak gemeenskapsdeelname (SAUK-nuus, 28 September 2000 en 12 Januarie 2001). Onvoldoende finansiële en menslike hulpbronne word ook uitgelig as elemente wat plaaslike owerhede beperk in die uitvoering van hulle ontwikkelingsrol (IDP-handleiding, 1998 a).

Plaaslike owerhede dien vandag as 'n onafhanklike sfeer binne die konteks van ko-operatiewe regering (Grondwet van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996: 50). Dit is binne die hoedanigheid dat daar waarde aan geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning (GOB) geheg word. GOB poog om die "top-down"-beplanningsbenadering van die apartheidsera te verander, en te fokus op ko-operatiewe, koördinerende en deelnemende beplanning.

Die IDP-handleiding (1998 a) en die Munisipale Stelselwet (2000: 39-41) stel dit dat plaaslike owerhede deur wetgewing verplig word om 'n 5-jaar plan saam te stel wat deelnemende beplanningsprosedures, verskillende sferes van regering en verskillende belangegroepes insluit. Hierdie elemente is belangrike boustene in die GOB-proses (sien diagram 1).

DIAGRAM 1: GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSBEPLANNING



BRON: Eie Verwerking

Die IDP-handleiding (1998 b) en Munisipale Stelswetswet (2000: 31) meld dat GOB as konsep dui op:

- (1) die ko-ordinering van ontwikkelingsaktiwiteite ten einde effektiwiteit en doeltreffendheid te bevorder,
- (2) gemeenskapsdeelname en
- (3) die beginsel om die owerheid nader aan die mense te bring.

GOB vind tans (2000) in Wellington ('n afdeling van Drakenstein Munisipaliteit) plaas. Let op dat daar van nou af net na Wellington verwys sal word waar dit blyk dat die vlak van gemeenskapsdeelname onbevredigend is (sien bylaag A en onderhoude in hoofstuk 4).

Ten opsigte van die Wellington-geval word die volgende vrae geopper.

- (1) Waarom is deelname gebrekkig?
- (2) Watter deelname-model word in Wellington gebruik?
- (3) Watter deelname-model behoort gemeenskapsdeelname in Wellington te optimaliseer?

Die **hipotese** wat voorgedien word is dat indien deelname nie bemagtigend is nie, gemeenskappe soos dié van Wellington nie in GOB betrokke sal raak nie, met ander woorde, gemeenskapsdeelname sal geoptimaliseer word deur die **deelname as bemagtigingsmodel**. Ten einde hierdie deduktiewe hipotese soos verklaar deur Brynard en Hanekom (1997: 19-20), na te vors is daar gelet op reeds bestaande teorieë en literatuur. Dit word gerugsteun deur observasies en 'n gevallestudie. Ingevolge Bless en Higson-Smith (1995: 29) en Brynard en Hanekom (1997: 20) se verklarings oor afhanklike en onafhanklike veranderlikes, kan gemeenskapsdeelname geklassifiseer word as 'n afhanklike veranderlike, terwyl geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning as 'n onafhanklike veranderlike bestempel word.

1.2 METODOLOGIE

Ten einde die voorgestelde hipotese te steun, is daar gebruik gemaak van 'n kwalitatiewe of beskrywende navorsing (sien Brynard en Hanekom 1997: 30). Reeds bestaande teorieë en literatuur is aangewend om 'n historiese agtergrond te skets. Hierdie teoretiese uitgangspunte is gerugsteun deur deelnemende waarneming in die Wellington-gevallestudie.

Ten einde vertrouwd te raak met navorsingsmetodologie en tegnieke is 'n navorsingskursus gevolg. Bless & Higson-Smith (1995) en Brynard en Hanekom (1997) se navorsingsperspektiewe is bestudeer. 'n Kortkursus in die gebruik van elektroniese databasisse en aanwendingsmetodes is gevolg, met die onttrekking van elektroniese data as fokuspunt. 'n Vergelykende literatuurstudie is gedoen en die volgende bronne is aangewend naamlik, SABINET, SA

MEDIA, NEXUS en CD-ROM. Diagramme, statistieke en tabelle maak ook 'n integrale deel van die werkstuk uit. Onderhoude en fokusgroepe soos aangedui in Bless & Higson-Smith (1995: 111-114) en Brynard en Hanekom (1997: 32: 38) is gebruik (sien ook Meyer & Theron 2000: 45 en Schutte 2000: 86). In 'n e-pos van Schutte word daar aangedui dat fokusgroepe so hanteerbaar (ses tot agt persone per groep) moontlik gehou moet word, en die indeling is gekies omdat dit kommunikasie en interaksie vergemaklik.

Onderhoude is met twee fokusgroepe (vanaf 18 tot 35 en 35 en ouer) gevoer. Gevolglik is 'n trekskaal gebruik om die terugvoering van die ouer as 35 groep te vergemaklik. Schutte (2000: 86) dui aan dat fokusgroep-onderhoude bydra tot die spoedige generering van data; lae koste; dat kwalitatiewe data oor die gemeenskap se waardes en verwagtinge bekend word; dat aanpasbaarheid verhoog word en dat die onderwerp effektief gedek word.

1.3 STRUKTUUR

Hoofstuk 1 in die werkstuk handel oor die formulering van die probleemstelling en hipotese. Drie vrae spruit uit die probleemstelling, naamlik:

- (1) Waarom is deelname gebrekkig?,
- (2) Watter deelname-model word in Wellington gebruik?
- (3) Watter deelname-model behoort gemeenskapsdeelname in Wellington te optimaliseer?

Aanvullend word die volgende konsepte bespreek, naamlik gemeenskap, deelname, gemeenskapsdeelname en geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning.


Hoofstuk 2 bespreek die aard en rol van geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning binne die Suid-Afrikaanse konteks. Daar word aanvullend gefokus op beplanning en ontwikkelingsbeplanning in Suid-Afrika.

Hoofstuk 3 beskryf modelle vir gemeenskapsdeelname, naamlik:

- (1) deelname as kommunikasie;
- (2) deelname as beïnvloeding;
- (3) deelname as bemagtiging;
- (4) deelname as eksploitasie;
- (5) deelname as betrokkenheid.

In hoofstuk 4 val die fokus op die bestudering van die gevallestudie naamlik Wellington. Twee benaderings word hier gevolg naamlik die identifisering en beskrywing van die gemeenskap en die identifisering en beskrywing van die onderskeie rolspelers in gemeenskapsdeelname. Inligting is uit die gemeenskap verkry deur middel van fokusgroepe. Hoofstuk 5 behels aanbevelings in sake gemeenskapsdeelname in Wellington. Die bogemelde analitiese struktuur word in die onderstaande diagram 2 verbeeld.

DIAGRAM 2: STRUKTUUR VAN WERKSTUK



1.5 VERKLARING VAN KONSEPTE

Die volgende konsepte word vervolgens omskryf te wete, gemeenskap, deelname, gemeenskapsdeelname en geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning.

1.5.1 GEMEENSKAP

Op grond van talle leë sitplekke by 'n werkswinkel kom Murphy (1990: 86) tot die slotsom dat "... the idea that they could come together and work as a community was itself no illusion, but an act of illusion". Swanepoel (1992: 11) huldig 'n soortgelyke mening deur te verklaar dat die bestaan van 'n "gemeenskap" 'n illusie is en dat dit nie verklaar behoort te word nie.

Nieteenstande Murphy en Swanepoel se opmerkings oor betekenislose verklarings met betrekking tot die konsep "gemeenskap", word verklarings tog aangebied deur De Beer en Swanepoel (1998), Kotze en Swanepoel (1983) en Burkey (1993).

De Beer en Swanepoel (1998: 17, sien Rural Development Framework 1997: 17 en Taljaard 1997: 117) dui aan dat "gemeenskap" aan die hand van geografiese vestiging ooreenstemmende belange en behoeftes gedefinieer kan word.

Kotze en Swanepoel (1983: 7) maak melding van die geografiese aspek waar "die gemeenskap" die volgende insluit:

- (1) mense;
- (2) geografiese vestiging;
- (3) sosiale interaksie, en
- (4) gemeenskaplike bande.

Burkey (1993: 41) verskil van bogemelde skrywers en argumenteer dat 'n "gemeenskap" uit groepe met verskillende en opponerende belange en waardes kan bestaan. Terwyl Burkey (1993), Kotze en Swanepoel (1983) en andere let op die uiteenlopende en gemeenskaplike kwaliteit van die konsep "gemeenskap", meld Theron en Liebenberg (1997: 30) dat dit te simplisties is.

Hulle argumenteer dat die gemeenskap eerder as “waardevolle bron vir volhoubare ontwikkeling” gesien moet word.

Indien “gemeenskap” as bron vir volhoubare ontwikkeling” en “geografiese vestiging” beskou word, kan Ramphele (1993: 3) se uitgangspunte ook hier betrek word. In Ramphele se verduideliking word die konsep *gemeenskap* implisiet weergegee. Hier word verduidelik dat fisiese ruimte ook aan die hand van geografiese terme gesien kan word.

Fisiese geografiese gebied beperk die individu tot spesifieke en eksterne areas. Ramphele meld dat fisiese geografiese woongebied nie losgemaak kan word van klassifikasies soos “intern” en “ekstern”, “privaat” en “openbaar”, “familie” en “kennisse” en “stedelik” teenoor “landelik” nie. Ramphele se verklaring is wyd en behels heelwat onduidelikhede oor wie die “gemeenskap” is. Ten einde Ramphele se insigte relevant te maak, sal daar slegs gekonsentreer word op “fisiese ruimte”, naamlik waar die betrokke individu homself/haarself vestig.

Waar die bogenemde skrywers fokus op geografiese vestiging, gemeenskaplike belange/verskille en fisiese geografiese vestiging, meld Kotze en Kellerman (1997: 61) dat gemeenskap aan die hand van ‘n holistiese benadering gedefinieer kan word. Die benadering fokus grootliks op die konteks waarbinne die gemeenskap homself bevind. Dit sluit in elemente soos vorige ervarings, persepsies en gemeenskaplike waardes.

Vanuit bogenemde blyk dit dat die konsep “gemeenskap” uit verskillende komponente bestaan:

- eerstens word gemeenskap grootliks aan die hand van geografiese vestiging gedefinieer;
- tweedens word gemeenskap gesien as gemeenskaplike en
- derdens, nie-gemeenskaplike belange;
- behoeftes wat deur die gemeenskap gedeel word en
- laastens word gemeenskap as sosiale interaksie tussen groepe gesien.

Ten einde die konsep relevant te maak binne die gevallestudie word gelet op die volgende verklaring afgelei uit onderhoude. *“Gemeenskap” verwys na die groepe (Kleurlinge, Swartes, kerke en besighede) wat hulle binne die geografiese Wellington-area bevind. Die konsep is waardebelaa en mense se verskillende begeertes en oortuigings moet nie uit die oog verloor word nie.*

1.5.2 DEELNAME

In 1.5.1 is aangedui dat gemeenskappe divers is, verskillende agtergronde verteenwoordig en uiteenlopende perspektiewe huldig. Paul (1987: 2) voer aan dat diverse perspektiewe oor deelname voorkom en “ ... [they] truly reflect differences in the objectives for which participation might be advocated for”. Nieteenstaande die bestaan van diverse perspektiewe met betrekking tot deelname, dui die Foundation for Contemporary Research (2001: 1) aan dat openbare deelname ’n konstitusionele vereiste is in geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning. Openbare deelname as wetgewende vereiste, word saamgevat in die Munisipale Stelselwet (2000) en die (Western Cape Planning and Development Act), Wes-Kaapse Wet op Beplanning en Ontwikkeling (1999). Alhoewel dit ’n wetlike vereiste is, is dit onrealisties om te verwag dat betekenisvolle deelname sal voorkom. In die Munisipale Stelselwet (2000: 31, art. 17) word daar aangedui dat die plaaslike owerhede toepaslike meganismes, prosedures en prosesse moet instel, sodat die plaaslike gemeenskap in staat is om deel te neem in die sake van die plaaslike owerheid. Vir die doel moet die plaaslike owerheid die spesiale behoeftes in ag neem van:

- (1) mense wat nie kan lees of skryf nie;
- (2) mense met gestremdhede;
- (3) vrouens en
- (4) ander benadeelde groepe.

Bogemelde meganismes, prosesse en prosedures moet ook die finansiële en administratiewe kapasiteit van die betrokke gemeenskap in ag neem. Meyer en Theron (2000: iv) argumenteer dat alhoewel daar wetgewende raamwerke ten opsigte van (openbare) deelname bestaan, dit nie beteken dat die gemeenskap

bemagtig sal word nie. Die voorsiening van tegniese bystand moet gesien word as burgerlike en demokratiese opvoeding. Aanvullend word aangedui dat die plaaslike owerheid in die openbare bewuswording van die gemeenskap moet belê. Volgens die skrywers kan 'n ingeligte gemeenskap die plaaslike owerheid verplig om verantwoordelik op te tree. Hier word die mensgesentreerde benadering benadruk. Dit is belangrik dat daar nie net in die bemagtiging van die gemeenskap belê word nie, maar dat hulle ook oor owerheidsbelange opgevoed word.

In die Munisipale Stelselwet (2000: 41, art 28) word daar verskans dat die gemeenskap se betrokkenheid by die implementering van GOB kardinaal is. Artikel 33 van die bogemelde wet voer aan dat gemeenskapsdeelname slegs betekenisvol sal wees indien metodes toegepas word wat hulle behoeftes en prioriteite kan identifiseer.

In die Wes-Kaapse Wet op Beplanning en Ontwikkeling (1999) word geïllustreer dat toepaslike meganismes en betekenisvolle openbare deelname, gesteun moet word deur 'n konkrete deelname-beleid.

Kotze en Kellerman (1997: 37) dui aan dat die konsep deelname "nie tot 'n enkele verduideliking verlaag kan word nie". Daar sal gevolglik op die volgende elemente gelet word:

- (1) deelname as kommunikasie;
- (2) deelname as beïnvloeding;
- (3) deelname as bemagtiging;
- (4) deelname as eksploitasie; en
- (5) deelname as betrokkenheid.

1.5.3 GEMEENSKAPSDEELNAME

Argumente oor *gemeenskap* en *deelname* word uitgelig deur skrywers soos Murphy (1990); De Beer en Swanepoel (1998); Burkey (1993) en Ramphele

(1993). Die skrywers skryf vanuit 'n spesifieke agtergrond. Die klem val grootliks op die breë rol van die gemeenskap. Die benadering is breed en die klem val hier op hoe die respondente die konsep verstaan.

In beide fokusgroep, persone vanaf 18 tot 35 en 35 en ouer, is waargeneem dat gemeenskapsdeelname beter verstaan word indien:

- (1) dit apart as gemeenskap en deelname gehanteer word, en
- (2) daar gelet word op wat gemeenskapsdeelname *nie* is nie.

Terugvoering van respondente het aangedui dat gemeenskapsdeelname nie dui op die afdwing van besluitneming nie, maar op die *samekoms* en *saamwerk* van mense. *Gemeenskapslojaliteit* wat dui op die situasie waar die gemeenskap hulself moreel koppel aan die gemeenskap en die ontwikkelingsdoel, speel 'n groot rol in die verwesenliking van gemeenskapsdoelwitte.

Tydens onderhoude is aangedui dat deelname 'n aktiewe proses is. Die verwagting is dat die gemeenskap se waardes, persepsies, behoeftes en begeertes binne die proses as insette gebruik sal word om die plaaslike ontwikkelingsproses te vergemaklik. Die insette moet deur die plaaslike owerheid verwerk en aan die gemeenskap teruggevoer word as moontlike areas vir verbetering. Gemeenskapsdeelname word binne die Wellington-konteks geplaas, waar betrokkenheid en lojaliteit van die gemeenskap die hooffokuspunt is. Die insette soos hier aangedui moet deel vorm van beplanning en doelwitte. Gevolglik dra die ontwikkelingsinisiatiewe in Wellington by tot die gemeenskaps groei. Gemeenskaps groei dui hier op elemente soos verhoogde selfvertroue, gemeenskapbou, kapasiteitsbou en self-voorsienendheid. Vervolgens sal die rolspelers in gemeenskapsdeelname geïdentifiseer word.

1.5.3.1 ROLSPELERS IN GEMEENSKAPSDEELNAME

Oakley et al. (1991: 19) is skepties oor die bestaan van konsensus oor wie in die gemeenskap deel moet neem. Hy argumenteer dat hierdie vraag slegs beantwoord kan word, wanneer die doel van deelname verstaan word en aan

potensiële rolspelers verduidelik is. Alhoewel Oakley et al. skepties is, word rolspelers wel deur Swanepoel (1992: 11) geklassifiseer. In diagram 3 word enkele rolspelers geïdentifiseer, naamlik die gemeenskapsleier(s), beplanners, eksterne agente en projekagente.

DIAGRAM 3: ROLSPELERS IN GEMEENSKAPSDOELNAME



BRON: Eie Verwerking

1.5.3.1 Gemeenskapsleier(s)

Swanepoel (1992: 67) argumenteer dat plaaslike leiers 'n belangrike rol in ontwikkelingsprosesse speel. Swanepoel (1992: 72) beweer dat gemeenskapsleiers nie leierskap van projekte moet aanvaar nie, maar dat die hele gemeenskap met leierskapsvaardighede bemagtig moet word.

1.5.3.2 Beplanners

Ayittey (1994: 147) voer aan dat ... "planning is a pretentious attempt by the state to plan, not only it's activities, but those of the citizens as well". Soos Ayittey aandui, sluit beplanning regeringsaktiwiteite, plaaslike gemeenskap se wil en belangegroep in. Jeppe (1986: 59) meld dat 'n balans moet voorkom tussen bogemelde sentrale en plaaslike beplanning en die betrokkenheid van plaaslike leiers en belangegroep. Jeppe (1986) meld verder dat realisme tydens beplanning gehandhaaf moet word sodat sosiale en politieke konflik verhoed kan word. Ingevolge die Munisipale Stelselwet (2000: 39) is beplanning nie net belangrik binne geïntegreerde ontwikkeling nie, maar dit speel ook 'n rol in gemeenskapsdeelname.

1.5.3.3 Eksterne agente

Oakley et al (1991: 175) argumenteer dat alhoewel die siening bestaan dat interne deelname bo eksterne betrokkenheid verkies word, word dit andersom in die praktyk aangetref. Eksterne (byvoorbeeld NRO's en agente) liggame is verantwoordelik vir die verskaffing van fondse en kennis wat aangewend kan word om deelname te optimaliseer.

1.5.3.4 Projekagente

Oakley et al. (1991: 179) meld dat projekagente oor vaardighede beskik wat deelname kan verhoog. Oakley et al. argumenteer dat die verhoging van deelname direk aan die werkstyle van agente verbind is, en dat gemeenskapsdeelname dit in ag moet neem.

1.5.4 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSBEPLANNING (GOB)

Volgens die Ontwikkelingsfasiliteringswet (1995: 873) en die Oorgangswet op Plaaslike Regering (1993: 26-27) (Local Government Transition Act) moet plaaslike owerhede twee planne saamstel vir die daarstelling van sosiale en ekonomiese ontwikkeling. Die twee planne wat in bogemelde dokumente

aangedui word, is *grondontwikkelingsdoelwitte* en *geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning*. Beide planne is veronderstel om geïntegreer te word.

Volgens die *IDP-handleiding (1998 b)* word daar van die grondontwikkelingsdoelwitte verwag om na vore te kom met strategiese raamwerke vir die ontwikkeling van 'n gemeenskap. In die *Ontwikkelingsfasiliteringswet (1995: 845-850)* word aangedui dat grondontwikkelingsdoelwitte ook veronderstel is om (1) doelwitte vir dienslewering, (2) van vestigingsvorme en (3) ontwikkelingsraamwerke vir ontwikkeling daar te stel. Teenoor die grondontwikkelingsdoelwitte moet geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning toesien dat plaaslike owerhede bemagtig word om bronne in lyn met die gemeenskap se behoeftes te prioritiseer. Geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning as konsep moet verseker dat plaaslike owerhede hulle ontwikkelingsrol vervul sodat ruimtelike, sosio-ekonomiese en institusionele fragmentasie aangespreek kan word. Ten einde die ontwikkelingsrol te vervul moet plaaslike owerhede in gedurige interaksie met die gemeenskap bly.

In hierdie opsig is die plaaslike owerheid die naaste aan die gemeenskap en moet die gemeenskap verteenwoordig word sodat hulle behoeftes aandag kan geniet. Ceasar (1999: 63) dui aan dat die interaksie verskeie sektore (gemeenskap ingesluit) bemagtig om verantwoordelikheid vir kollektiewe deelname te aanvaar. Ceasar (1999: 60) argumenteer dat inklusiwiteit 'n belangrike faktor van GOB is, maar dat dit nie noodwendig beteken dat almal in die gemeenskap sal deelneem nie. Dit is die realitete wat die Wellington-gevalllestudie in die oë moet staar.

Die Witskrif op Plaaslike Regering (1998: 27 sien ook Ceasar 1999: 60) beskryf geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning (GOB) as "... powerful tools for municipalities to facilitate integrated and co-ordinated delivery within their locality". Die Provinsiale Administratief Wes-Kaap (1995) het 'n riglyndokument saamgestel met die titel "Voorgestelde Proses vir die Opstel van Geïntegreerde Ontwikkelingsraamwerke en Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning".


In die riglyndokument word die volgende ontwikkelingsbeplanningsproses voorgehou naamlik:

- (1) die saamstel van 'n ontwikkelingsprofiel;
- (2) die maak van analises;
- (3) die formulering van 'n visie, missie en doelwitte;
- (4) die formulering van 'n strategie;
- (5) die integrering van die strategie;
- (6) die uitliging van moontlike implikasies;
- (7) die identifisering van ontwikkelingsprojekte en programme;
- (8) die loodsing van aksie-planne;
- (9) die opstelling van begrotings;
- (10) die implementering van ontwikkelingsprojekte en -programme. Gereelde monitering en hersiening van projekte word onderneem.

Waar bogemelde studie dui op die institusionele kapasiteit van plaaslike owerhede blyk dit dat gemeenskapsdeelname nie prominent benadruk word nie. In die Ontwikkelingsfasiliteringswet (1995: 859) word gemeenskapsbetrokkenheid bespreek. Artikel 28 (b) (1) meld dat gemeenskappe by die kapasiteit van plaaslike owerhede moet aansluit. Wetgewing impliseer hiermee dat die gemeenskap oor die kapasiteit en wil beskik om deel te neem.

Daar word ook veronderstel dat gemeenskapsdeelname alreeds bestaan en dat die gemeenskap deel wil neem. Bogemelde wetgewing is gebrekkig en veranderinge moet aangebring word om 'n balans tussen die elemente van institusionele kapasiteit en deelnemende besluitneming te beklemtoon. Diagram 4 illustreer die verhouding tussen die twee elemente.

DIAGRAM 4: INSTITUSIONELE KAPASITEIT EN DEELNEMENDE BESLUITNEMING VAN PLAASLIKE OWERHEDE



BRON: Eie Verwerkings

Dié verhouding behoort misverstande tussen die plaaslike owerheid en die gemeenskap te beperk.

1.6 VERBAND TUSSEN KONSEPTE

In die konseptualisering van "gemeenskap" word verskeie interpretasies erken. "Gemeenskap" verwys in die konteks van hierdie werkstuk na 'n groep mense wat hulself in die geografiese Wellington-area bevind. Hier is waargeneem dat 'n *gemeenskap* beide ooreenstemmende en uiteenlopende waardes en begeertes beliggaam. Dit is hierdie element wat *deelname* van die

gemeenskap bemoeilik. Soos aangedui word is wetgewende raamwerke nie voldoende om deelname te optimaliseer nie, met ander woorde om die samekoms en saamwerk van die gemeenskap (*gemeenskapsdeelname*) te bewerkstellig nie. Die uitdaging is om 'n proses daar te stel wat dit maklik maak vir die gemeenskap om deelnemers te wees.

Mensgesentreerde ontwikkeling geniet prioriteit in Suid-Afrika. Dit gee aanleiding tot die implementering van die GOB. *Geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning* is 'n holistiese beplanningsproses waar die ekonomiese, sosiale, politieke en institusionele sektore geïntegreer word sodat relevante ontwikkelingsbeplanning kan geskied. Dit blyk dat daar weg beweeg word van die gefragmenteerde proses waar enkele sektore in die beplanningsproses kon deelneem. Die gemeenskap en sy vooruitgang is belangrike elemente in die GOB-proses. Wat derhalwe mank sal funksioneer indien gemeenskapsdeelname gebrekkig figureer.

1.7 SAMEVATTING

Daar is gefokus op die konsepte gemeenskap, deelname, gemeenskapsdeelname, en geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning met spesifieke klem op die plaaslike owerheid se rol ten opsigte van gemeenskapsdeelname.

Ten einde die volhoubaarheid van GOB te verseker, is dit belangrik dat plaaslike owerhede verskillende groepe se oortuigings en begeertes respekteer en betrek.

Plaaslike owerhede se rol in geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning is om die gemeenskap te bemagtig. Dit word in die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996: 63-64) benadruk.

In die IDP-handleiding (1998 a) word aangedui dat plaaslike owerhede nie altyd oor die menslike en finansiële bronne beskik om hulle goed van hul ontwikkelingstaak te kwyt nie. In Liebenberg (1998: 29) word byvoorbeeld aangedui dat die Worcester-munisipaliteit nie oor die institusionele kapasiteit

beskik het om die GOB-proses te loods nie en daar is gevolglik van die Foundation for Contemporary Research (CFR) gebruik gemaak. Die uitdaging is dat die plaaslike owerheid 'n balans handhaaf tussen institusionele en deelnemende besluitneming sodat die doel van GOB, naamlik die bemagtiging van 'n gemeenskap bereik kan word.

Gemeenskapsbemagtiging kan slegs plaasvind indien die nodige meganismes bestaan wat gemeenskapsdeelname optimaliseer. In Hoofstuk 2 word daar in meer detail gekyk na die aard van GOB.

HOOFSTUK 2

AARD VAN GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSBEPLANNING

“Participatory development is not a patchwork quilt of different coloured components, but a finely woven textile of many coloured threads” (Burkey 1993: 49).

2.1 INLEIDING

In die bogemelde aanhaling word aangedui dat deelnemende ontwikkeling nie alleenlik verwys na multi-dissiplinêre betrokkenheid nie. Uiteenlopende waardes, behoeftes en begeertes word ook ingesluit. Deurdadig multi-dissiplinêre betrokkenheid met ontwikkelingsbeplanning geassosieer word, kan effektiewe aanwending van skaars bronne bevorder word (Planact 1998: 1-8). Geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning het nie altyd deel gevorm van sosiale beplanning nie. In die hoofstuk val die klem op vroeëre mislukkinge van ontwikkelingsbeplanning en hoe dit Suid-Afrika geaffekteer het.

2.2 AGTERGROND

Ten einde sosiale kwessies deur middel van effektiewe ontwikkelingsbeplanning te hanteer, is dit raadsaam om die verlede se uitdagings te bestudeer. Dit is ook raadsaam om die beplanningsgeskiedenis te bestudeer sodat verskeie konsepte van beplanning en hoe dit Derde Wêreldlande beïnvloed het, uitgelik kan word. Conyers en Hills (1990: 41) raak verskeie uitgangspunte oor beplanning aan. Daar word aangevoer dat Derde Wêreldlande twee tipes beplanningstoepassings voorgestaan het, naamlik ekonomiese en ontwikkelingsbeplanning. Voordat die klem val op die geskiedenis van beplanning, sal die konsep beplanning eers verklaar word.

2.2.1 BEPLANNING

Theron en Barnard (1997: 36, sien Kotze 1997: 8-11) meld dat die konsep *beplanning* moeilik presies omskryf kan word. Hierdie skrywers beskou beplanning as beleidsformulering waar identifisering en koördinerings van langtermyn doelwitte aandag geniet. Die skrywers dui ook aan dat die langtermyn doelwitte slegs moontlik is indien korttermyn doelwitte bereik word. Die langtermyn doelwitte wat op gefokus word sal volg op die prioriteite, beplanningsrigting, en doelwitte wat in die korttermyn bereik is. Beplanning is vooruitskattend, dit wil sê toekomsgerig; beplanning is ook interdisiplinêr en sluit koördinerings van vaardighede in.

Conyers en Hills (1990: 62), Goodwin (1994: 13) en Liebenberg (1998: 17-18) meld dat beplanning 'n volhoubare proses is waar besluite geneem moet word oor die aanwending van bronne sodat spesifieke doelwitte bereik kan word. Agarwala (1983: 1) sluit by die toekomsbenadering aan en meld dat... "planning involves anticipating the future and formulating systematic programs of action to attain desired goals". Die aanhaling dui aan dat alle regerings by beplanning betrokke moet raak in die vorm van kapitaalbegrotings en ontwikkelingsprogramme. De Beer en Swanepoel (1998: 52) meld vervolgens dat beplanning nie net 'n kognitiewe voorstelling is van wat bereikbaar is nie, maar dat aksies grootliks hieraan gekoppel moet word. Wat veral beklemtoon word, is dat beplanning slegs spekulasie sal bly indien aksie nie geloods word nie.

Chambers (1983: 50) is van mening dat beplanning nie sonder nuttige informasie voortgesit kan word nie. Informasie sal veral nuttig wees indien die gemeenskap genader word en plaaslike inligting verkry word. Ingevolge die Munisipale Stelselwet (Wet 32 van 2000: 37), die Oorgangswet op Plaaslike Regering (1993 : 859), die Ontwikkelingsfasiliteringswet (1995: 859-863) en die Witskrif op Plaaslike Regering (1998: 2,17) moet beplanning gekoördinerend, geïntegreerd en multidisiplinêr wees.

Aanvanklik is gemeld dat die historiese agtergrond van beplanning help om die uitdagings van vandag te verstaan. Vervolgens word die geskiedenis van beplanning bespreek.

2.3 HISTORIESE AGTERGROND

Theron en Barnard (1997: 41) en Mentz en Kellerman (1997: 17) dui aan dat nasionale ontwikkelingsbeplanning na die Tweede Wêreldoorlog aanvaar was as 'n manier om ekonomiese vooruitgang te bewerkstellig.

Hierdie siening het ontstaan as gevolg van die strewe na die skepping van Derde Wêreldlande naas geïndustrialiseerde lande.

Conyers en Hills (1990: 45) en Kotze (1997: 8) voer aan dat ekonomiese ontwikkeling gefokus is op die groei en struktuur van die ekonomie. Conyers en Hills (1990: 42) meld dat industrialisasie as manier van ontwikkeling na 1960 toegeneem het. Die sosiale situasie wat voorgekom het, word uitgebeeld deur Conyers en Hills (1990: 42) naamlik dat... "countries were considered to be engaged in development planning if their governments were making a conscious and continuing attempt to increase their rate of economic and social progress and to alter those institutional arrangements which were considered to be obstacles to achievement of this aim". Die aanhaling dui aan dat die regering se rol in ontwikkelingsbeplanning beklemtoon is, terwyl menslike deelname min aandag geniet het. Beplanning is gesien as 'n meganisme om ekonomiese en sosiale vooruitgang te beklemtoon. Dit het nie gefokus op die insameling van plaaslike kennis nie. Soos aangedui word in die Internasionale Manila Deklarasie oor deelname en volhoubare ontwikkeling (Meyer & Theron: 2000: 156) het ontwikkelingsbeplanning 'n "top-down" benadering gevolg waar ontwikkelingsbesluite namens die gemeenskap geneem is. Dit het die gemeenskap se gees en selfvertroue afgebreek en hulle van die geleentheid ontnem om hulle eie lewens te bestuur.

Kotze (1997: 8) dui aan dat administratiewe tegnologie en Westerse bronne van inligting gebruik is om die modernisasie-sentiment te vergestalt. Die burokrasie

wat aan die bewind was, is gedryf deur sentralisasie, elitisme, geloof in die mag van moderne instellings en transformasie van die gemeenskap. Modernisasie was die onderliggende doelwit.

Wat uit die internasionale studie voorkom is dat modernisasie aangegryp is deur verskillende regeringstrukture (een party regerings en/of multiparty regerings). Die doel was om primitiewe lewenstyle af te breek en “nuwe” tradisies soos ekonomiese groei en sosiale modernisasie daar te stel.

Die geskiedenis en evolusionêre interpretasie van beplanning fokus op die ontwikkelingsgeskiedenis van Europa en Noord-Amerika. Coetzee (1986: 17) dui aan dat wat in Europa plaasgevind het na ander lande uitgekring het.

Agarwala (1983: 3) dui aan dat drie tipologieë van beplanning uitgelig kan word naamlik:

- (1) Sowjetbeplanning;
- (2) Europa se ondervinding met beplanning en
- (3) strukturele oriëntasie tot ontwikkelingseconomie.

Geloof in Europa se model vir sosiale modernisasie het na 1960 steeds toegeneem. Daar is geglo dat Europa se industrialisasie verantwoordelik was vir sosiale herstel na die Hitler-aanslag. Tydens die val van Europa moes 'n plan geïmplementeer word wat aanleiding kon gee tot die ekonomiese reputasie wat Europa vandag oorskadu. Theron en Barnard (1997: 42) dui aan dat die Marshall-plan as meganisme ingestel is om sosiale heropbou te bewerkstellig. Die element wat deur laasgenoemde skrywers uitgelig word, is dat beplanning gefokus het op streng metodologiese praktyke en oneffektiewe kommunikasie-style. Hierdie element vind veral aansluiting by die Wellington-geval waar effektiewe kommunikasie-style bevraagteken word.

Soos uitgebeeld deur Theron en Barnard (1997: 42), Rondinelli (1993: 4), Kotze (1997 : 8) en De Beer en Swanepoel (1998: 52) kan die modernisasie-benadering aan “top-down”, “trickle-down” en “blue-print”-benaderings gekoppel

word. Daar word aangevoer dat ontwikkelingspraktisyns wat 'n rigiede benadering tot ontwikkeling volg nie die gemeenskap se behoeftes begryp nie.

Die modernisasie-skool met sy strukturele maatreëls se verwagting was dat industrialisasie in Derde Wêreldlande sou plaasvind; intendeel het armoede tussen 1950 en 1960 toegeneem. Daar is besef dat sosiale ontwikkeling nie van die mens en sy kapasiteit losgemaak kan word nie. Die omstandighede het aanleiding gegee tot Conyers en Hills (1990: 45) en Theron en Barnard (1997: 43) se observasie, naamlik dat "beplanning in 'n krisis" gedompel was.

Rondinelli (1993: 1) voer aan dat alhoewel ontwikkelingspraktisyns die belangrikheid van menslike deelname besef het, is daar tot in 1970 voortgegaan om die ekonomiese verrykingsdroom te beklemtoon. Na 1970 het die klem geval op die afbreek van Derde Wêreldlande se afhanklikheid van Eerste Wêreldlande. Die resultaat was dat armoede steeds voorgekom het en dat strukturele aanpassingsprogramme (SAP) aandag geniet het. Volgens Rondinelli (1993) is menslike deelname in ontwikkeling steeds geïgnoreer. Rigiede vorme van ontwikkelingsbeplanning, soos bespreek in 2.3 was nie net beperk tot Europa nie en Coetzee (1986: 17) dui dan ook aan dat wat in Europa plaasgevind het na ander lande uitgekring het, waarvan Suid-Afrika een was.

2.4 ONTWIKKELINGSBEPLANNING IN SUID-AFRIKA

Nieuwoudt (1991: 67) meld dat Suid-Afrika se vroeë beplanningsgeskiedenis ten nouste met die drie owerheidvlakke, naamlik sentrale, provinsiale en plaasklike owerhede verbonde was. Beplanning was onderworpe aan sentrale wetgewing (Provinsiale Regeringswet van 1986 en die Finansiële Verhoudingswet van 1976) wat aan die tweede vlak regering die mag gegee

het om wette in die vorm van ordonnansies te maak. Gemeenskapsdeelname was gebrekkig en Nieuwoudt (1991) dui aan dat besluite deur sentrale en provinsiale regering geneem is.

Die era kan gekoppel word aan Apartheid wat veral na 1948 onder leierskap van die Nasionale Party (NP) uitgebrei het. In die IDP-handleiding (1998 b) word aangedui dat die verskillende Groepsgebiede wette (1966) 'n rol gespeel het in die versterking van die apartheidsideologie. Na 1982 is stede in Blanke Plaaslike Owerhede en Swart Plaaslike Owerhede onderverdeel. In die IDP-handleiding (1998 b) word gemeld dat “Blankes” 'n hoër standaard van dienslewering geniet het, terwyl “Swartes” se dienslewering deur hul belasting gedek is.

Met die aanvang van 'n demokratiese Suid-Afrika (na 1994) is verskeie programme (byvoorbeeld die Masakhane-program (1998) en Heropbou en Ontwikkelingsprogram) daargestel wat sosiale ontwikkeling en apartheid aanspreek. Die ontwikkelende plaaslike regering (Developmental Local Government (1998: 17) word as proses voorgedra waar die klem val op die samewerking van die plaaslike gemeenskap sodat volhoubare metodes gevind kan word om sosiale ontwikkeling te bewerkstellig. Vooruitgang en interaksie tussen die gemeenskap, plaaslike owerheid en sektore word beklemtoon. In die Urban Sector Network (1998: 46) word aanvullend aangedui dat: “there should be a locally generated commitment to popular legitimacy which depends on having everyone represented at all stages of planning and implementation of local activities”.

Suid-Afrika het in 1994 begin om sy planne vir gemeenskapsontwikkeling te implementeer. Die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP 1994) was een van die programme wat daargestel is vir hierdie doelwitbereiking.

Die volgende beginsels word in HOP beklemtoon:

- die daarstel van geïntegreerde programme;
- dat ontwikkelingsbeplanning 'n mense-gedrewe proses is;
- dat nasie-bou bevorder word;
- dat sosiale transformasie aan ontwikkeling gekoppel word; en
- die demokratisering van alle sferes van regering.

Suid-Afrika het begin om 'n makro-ekonomiese plan naamlik GEAR (Growth Employment and Redistribution) in 1996 tot stand te bring wat, tweeledig van aard, gerig is op:

- (1) die verhoging van ekonomiese groei
- (2) en die daarstelling van werkskeppingsprogramme.

Die Suid-Afrikaanse Grondwet (Wet 108 van 1996: 63), Witskrif op Plaaslike Regering (1998: 27) en die Ontwikkelingsfasiliteringswet (1995: 316-320) benadruk veral die demokratiese strukturele raamwerk vir die plaaslike owerheid. Soos Esman (1991: 60) aandui, word daar gelet op die beperkte kapasiteit, vaardigheid en tegnologiese kennis van plaaslike owerhede. Opleidingsprogramme en meganismes is ontwikkel wat amptenare kan help om hulle goed van hulle ontwikkelingstaak te kwyt. Vervolgens is geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning as meganisme ingestel om gemeenskapsdeelname aan institusionele kapasiteit te koppel.

2.5 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSBEPLANNING

Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning (GOB) word breedvoerig behandel in die Munisipale Stelselwet (2000, 37-53), die Ontwikkelingsfasiliteringswet (1995: 845-60) en die Witskrif op Plaaslike Regering (1998: 17-30). Die volgende elemente word beklemtoon:

2.5.1 Plaaslike beplanning ten einde die ontwikkelingsrol te handhaaf

In die Munisipale Stelselwet (2000: 37) word aangedui dat plaaslike owerhede se ontwikkelingsrol soos uitgelig in die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996, art 152) bevorder moet word. Plaaslike owerhede se rol in sosiale ontwikkeling word in die wetgewing gekoppel aan die bevordering van menseregte.

2.5.2 Plaaslike beplanning in ko-operatiewe regering

Ingevolge die IDP-handleiding (1998 b) word die samewerkende beginsel van die plaaslike owerheid ontsluit. Daar word aangedui dat... "local government is

expected to work with citizen groups, communities and adjacent municipalities to create sustainable human settlements which provide for a decent quality of life and meet social economic and material needs of communities in a holistic manner". Die aanhaling dui aan dat plaaslike owerhede se ontwikkelingsrol in die GOB-proses meer inhou as net die koördinerende van aktiwiteite, ontwikkelingstrategie en ontwikkelingsbeplanning. Dit sluit ook onderhandelinge met en tussen groepe in.

Plaaslike owerhede se ontwikkelingsrol is veel meer spesifiek. Dit is binne hierdie hoedanigheid dat Ceasar (1999: 62) aandui dat tradisionele munisipale dienslewering aangevul word met leiding, bestuur en beplanning (sien Departement vir Grondwetlike Ontwikkeling 1997: 3).

2.5.3 Aanpassing van geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning

Ontwikkelingsbeplanning moet aangepas word sodat dit by die sosiale realiteit van die area inpas. Binne dié hoedanigheid word daar in die Ontwikkelingsfasiliteringswet (1995: 845) aangedui dat gepaste dokumentasie, instrumente en beplanning op elke regeringsvlak aangewend moet word. Die wetgewing bied aan die plaaslike owerheid die geleentheid om veranderinge aan te bring wat by die ontwikkelingsprioriteite en sosiale omstandighede van die area pas (sien Munisipale Stelselwet, 2000: 37-38).

2.5.4 Operasionele Strategieë

In die Munisipale Stelselwet (2000: 37-41) en De Klerk (1998: 55) word die institusionele en finansiële kapasiteit van plaaslike owerhede as operasionele strategie benadruk vir die bevordering van:

- volhoubare dienslewering;
- ontwikkelingsdoelwitte en
- deelname van belangegroepes bevorder kan word.

2.5.5 Finansiële plan

Geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning hang ten nouste saam met effektiewe sosiale dienslewering. Die bestaan van finansiële bronne sluit direk hierby aan en die Munisipale Stelselwet (2000: 37-38) meld dat GOB mediumtermyn finansiële beplanning moet insluit. Ceasar voeg aansluitend by dat indien GOB nie by die plaaslike owerheidsbegroting geïntegreer word nie, sal dit slegs 'n *wenslys* bly. Die IDP, User-friendly Guide (1997: 37) beklemtoon die belangrikheid van 'n finansiële plan en wat dit beteken vir die billike allokering van bronne. Volgens die gids moet beplanning in lyn wees met ontwikkelingsprioriteite en ontwikkelingsdoelwitte, sodat elke doelwit se finansiële koste bepaal kan word, basiese behoeftes van die gemeenskap prioriteit kan geniet en sosiale en ekonomiese ontwikkeling bewerkstellig kan word.

2.5.6 Plaaslik owerheidsdiensvennootskappe

In die Witskrif op Munisipale Vennootskappe (2000: 8) (White Paper on Municipal Service Partnerships) word gemeld dat tradisionele metodes vir direkte dienslewering uitgeput is, en dat dit met vennootskappe vervang moet word. Munisipale vennootskappe moet gesien word as 'n aanpasbare manier van dienslewering.

Wat beklemtoon moet word, is dat kognitiewe beplanning minder belangrik is aangesien plaaslike inligting en verwagtinge rigting bied aan beplanningsaksie. In die Witskrif op Plaaslike Regering (1998: 17), Planact (1998: 7,8) en IDP-handleiding (1998 b) word die beplanningsproses ook die rasionele beplanningsproses genoem. Die onderstaande stappe (diagram 5) sluit in 'n integrasie van bogenoemde dokumente, en die Provinsiale Administratief Wes-Kaap (1995) se riglyndokument oor GOB naamlik:

DIAGRAM 5: STAPPE IN DIE BEPLANNINGSPROSES

- Die saamstel van 'n ontwikkelingsprofiel en die ontleding van die omgewing deur middel van konsultasie;
- Bepaling van die visie, missie en ontwikkelingsdoelwit(te);
- Analisering van inligting en doelwitformulering;
- Bepaling van die beskikbare vaardighede (finansiële en menslike hulpbronne);
- Prioritiserings van behoeftes in terme van kritieke aard;
- Die aanbieding van 'n beleidsvoorstel met 'n aanduiding van die periode waarbinne doelwitte bereik gaan word;
- Formulering van strategieë ten einde doelwitte te bereik;
- Ontwerp-strategieë wat uitgeligte doelwitte kan bereik;
- Uitliging van moontlike implikasies;
- Identifisering van projekte en programme ten einde die doel te bereik;
- Loodsing van aksie-planne;
- Opstelling van begrotings;
- Implementering van ontwikkelingsprojekte en programme en deurlopende evaluering, monitering en hersiening van ontwikkelingsinisiatief.

BRON: Witskrif op Plaaslike Regering (1998: 17), Planact (1998: 7,8) IDP- manual (1998 b) en Provinsiale Administratief Wes-Kaap (1995).

In die Munisipale Stelselwet (2000: 39) word aanvullende kernkomponente van geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning beklemtoon, naamlik dat dit 'n weerspieëling is van:

- Die munisipale raad se visie vir langtermynontwikkeling;
- Die munisipale raad se spesiale klem op ontwikkelingsbehoefte;
- Die evaluering van die munisipaliteit se ontwikkeling;
- Die raad se ontwikkelingsprioriteite en oogmerke vir die gekose termyn;
- Die sinchronisering van die raad se ontwikkelingsstrategieë met enige nasionale of provinsiale planne;
- 'n Ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;
- Die raad se finansiële plan en bedryfsplan en
- Die raad se sleutelprestasie-aanwysers.

Dit mag wees dat die gemeenskap se omstandighede nie al die bogemelde aspekte sal insluit nie. Dit mag ook wees dat omdat die proses tyd- en geldrowend is, instellings nie die rasonale manier van beplanning volg nie. Wat vervolgens 'n effek op die daarstelling van die beplanningsproses sal hê.

Die bogemelde kernkomponete word gerugsteun deur artikel 28 (Munisipale Stelselwet 2000: 41). Daar word aangevoer dat elke munisipale raad 'n geïntegreerde ontwikkelingsbeplanningsproses moet aanvoer wat skriftelik uiteengesit is. 'n Belangrike element wat uitgelig word is dat plaaslike gemeenskappe geraadpleeg moet word oor aanvaarding van die proses. Ingevolge artikel 42 (Munisipale Stelselwet 2000: 49) moet die gemeenskap geraadpleeg word sodat hulle kan deelneem aan die daarstel van toepaslike sleutelprestasie-aanwysers. Meyer en Theron (2000: 35-61) bespreek relevante strategieë, wat aangewend kan word om gemeenskapsdeelname te optimaliseer, soos byvoorbeeld die gebruik van persoonlike besoeke aan die plaaslike owerheid, die bywoning van raadsvergaderings en die gebruik van fokusgroep-onderhoude.

In 'n onderhoud met me L. Adams (HOP-Verteenwoordiger) is daar aangedui dat die stappe wat geneem word, afhang van die tipe gemeenskap en hul situasie. Daar is aangedui dat ongeag die aard van die deelnemers daar gesorg moet word dat die gemeenskap reeds op 'n vroeë stadium betrek word.

Tydens die onderhoud is daar uitgelig dat dit nie net die gemeenskap 'n geleentheid gun tot insette tydens beplanning nie, maar dat konfrontasie en verdragings aan die einde van 'n plan deur deelname verhoed word. Die gemeenskap moet 'n rol speel in die identifisering van probleme en formulering van die beplanningsbeleid omdat die sukses van beplanning afhang van die omstandighede in die gemeenskap.

2.6 SAMEVATTING

Geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning dui op die versoening van plaaslike beplanning met ontwikkelingsprioriteite, behoeftes, strategiese beplanning en

die plaaslike begroting. GOB kan as *medium* gebruik word om ontwikkelingsdoelwitte en prioriteite te bereik, om institusionele kapasiteit te verbeter en om gemeenskapsbemaagtiging te bewerkstellig.

GOB word ook as 'n *proses* voorgestel waar gemeenskapsorganisasies betrek word ten einde sosiale ontwikkeling te bewerkstellig. Plaaslike owerhede moet oor die nodige vaardighede beskik sodat ingeligte besluite geneem kan word. Hulle moet ook oor *regeervaardighede* beskik om aandag te kan gee aan die korrekte identifisering van gemeenskapsbehoefte, die hantering van konflik en effektiewe kommunikasie met belangegroep. Die plaaslike owerhede seker maak dat hulle oor *bestuursvaardighede* beskik sodat effektiewe en doeltreffende beplanning kan plaasvind.

GOB verwys na 'n *plan* wat seker maak word dat gemeenskapsdeelname en gemeenskapsbemaagtiging die fokuspunt is.

Wanneer interaksie tussen die plaaslike owerheid, die gemeenskap en sektore plaasvind, is dit belangrik dat volhoubare ontwikkeling nagestreef word. Gemeenskapsdeelname is essensieel en ingeligte besluite moet geneem word. Dit kan slegs geskied indien die gemeenskap blootgestel word aan die nodige opleiding en opvoeding.

Hiermee word geïmpliseer dat openbare amptenare oor die vaardigheid beskik om hierdie opleidingsprogramme te formuleer en aan te bied. Die realiteit is dat plaaslike owerhede oor onervare amptenare beskik, wat die toepassing van veral GOB kompliseer. Die vraag wat nou ontstaan is of daar betekenisvolle opleidingsprogramme bestaan vir plaaslike amptenare. Indien dit wel bestaan, word aanvullende modelle om gemeenskapsdeelname te optimaliseer in die volgende hoofstuk bespreek.

HOOFSTUK 3

MODELLE OM DEELNAME TE OPTIMALISEER

"Participation by the people in the institution and systems which govern their lives, is a basic human right and also essential for the alignment of political power in favour of disadvantaged groups and for social and economic development" (Burkey 1993: 56).

3.1 INLEIDING

Volgens die Suid-Afrikaanse Grondwet (Wet 108 van 1996: 67), Witskrif op Plaaslike Regering (1998: 26), Planact (1998: 4) en Munisipale Stelselwet (2000: 37) word deelname as 'n fundamentele reg gesien. Kotze en Swanepoel (1983: 7), Burkey (1993: 56) en Kotze en Kellerman (1997: 38) meld dat deelname 'n essensiële deel van menslike ontwikkeling uitmaak, en gevolglik 'n rol speel in die ontwikkeling van selfbeeld, trots, inisiatief, kreatiwiteit, verantwoordelikheid en samewerking. In hierdie hoofstuk word daar gefokus op verskeie modelle om gemeenskapsdeelname te optimaliseer naamlik, deelname as kommunikasie; as beïnvloeding; as bemagtiging; as eksploitasie en as betrokkenheid. Daar word gepostuleer dat omgewingsfaktore sal bepaal watter model die gepaste model is om deelname te optimaliseer.

3.2 MODEL 1: DEELNAME AS KOMMUNIKASIE

Vanuit hoofstuk 1 en 2 blyk dit dat deelname slegs betekenisvol sal wees indien metodes toegepas word wat die gemeenskap en die omgewing se behoeftes en prioriteite kan aanspreek. Dit word vooropgestel dat die samekoms en saamwerk van die omgewing en lewering van insette belangrike boustene in die konsep "deelname" uitmaak. Vervolgens kan gemeld word dat aktiewe deelname bevraagteken word indien daar enige prosedures, prosesse of metodes aanwesig is wat bogemelde elemente kan kniehalter.

Die vraag ontstaan onder watter omstandighede daar gesê kan word dat deelname bloot kommunikasie is (sien voorbeeld 1).

Deelname as bloot kommunikasie verwys na die situasie waar besluite vanuit 'n gesaghebbende hoedanigheid geneem word. Dit gee aanleiding tot eenrigting kommunikasie wat die gemeenskap verhoed om betekenisvolle bydrae te lewer. Voorbeeld 1 verwys na 'n situasie waar deelname as kommunikasie beskou word.

Voorbeeld: 1

Daar is aan die Mbekweni-gemeenskap gekommunikeer dat moontlike behuisingsprojekte in 2000/01 sal volg. Oneffektiewe kommunikasie-style is gebruik, met die gevolg dat die Xhosa-sprekende gemeenskap nie hul behoeftes duidelik kon beklemtoon nie. Die gemeenskap was ook nie bekend met die tipe strukture wat opgerig sou word nie. Die gemeenskap het geen duidelikheid gehad oor die grootte van die area en of tuinbou en moontlike uitbreidings beoefen kon word nie. Die gevolg was dat mense apaties gestaan het teenoor deelname.

Onpersoonlike een-vertrek strukture word tans (2001) opgerig. Gegewe die gemeenskap se omstandighede bied dit beskutting en veiligheid.

BRON: Paarl Post, 21 Maart 2001

Vanweë plakkerbuurte se vatbaarheid vir massa-brande moes optrede volg. Die gevolg was dat daar meer aandag bestee is aan behuisingvoorsiening as aan oneffektiewe kommunikasie-style. Ingevolge die Behuisingswet (1997: art. 16, sien Ontwikkelingsfasiliteringswet 1995: art. 3 d-e) moes daar betekenisvol met geaffekteerde gemeenskap gekonsulteer word. Die gemeenskap is nie geraadpleeg nie, met die gevolg dat die huise nie aan hulle verwagtinge voldoen het nie. Alhoewel die inwoners van Mbekweni nie in die besluitneming deelgeneem het nie, kon hulle nie anders as om die huise te aanvaar nie. Daar is te kenne gegee dat die strukture sekuriteit en veiligheid bied.

3.3 MODEL 2: DEELNAME AS BEÏNVLOEDING

Vanuit hoofstuk 1 en 2 blyk dit dat enige ontwikkelingsinisiatief 'n mensgedrewe proses moet wees. Dit stel die gemeenskap in staat om belangrike beplanning te beïnvloed.

Deelname as vorm van beïnvloeding verwys na die situasie waar die relevante veranderingsagente die gemeenskap beïnvloed om voorafbepaalde uitsette te steun. Die gevolg is dat die gemeenskap insette lewer op grond van die voorafbepaalde uitsette wat voorgehou word. 'n Vraag wat hieruit ontstaan is naamlik, of ontwikkeling nog sy mensgesentreerde kwaliteit behou indien die gemeenskap beïnvloed word om sekere uitsette te ondersteun? (Sien voorbeeld 2).

Voorbeeld: 2

Inwoners naby die Wellington Champagne-begraafplaas het kommer uitgespreek oor die onwelreukende water wat gedurende die winterseisoen in hul strate afloop. Die gemeenskap het van professionele inwoners gebruik gemaak om die plaaslike owerheid te beïnvloed. Insette is gelewer naamlik dat dreineringsstelsels en strate opgeknap moet word en dat slote skoongemaak moet word om 'n skoner omgewing daar te stel.

BRON: Wellington Munisipaliteit Nuusbrief, Julie 2001

In die Ontwikkelingsfasiliteringswet (1995: art. 3 d-e) word aangedui dat die gemeenskap gekonsulteer moet word oor moontlike affektering deur plaaslike ontwikkeling, byvoorbeeld die aanlê van 'n dreineringsstelsel of die bou van paaie en slote. Die Munisipale Stelselswet (2000: art. 5) dui aanvullend aan dat die gemeenskap die reg het om skriftelike en mondelinge aanbevelings, vertoë en klagtes aan die plaaslike owerheid (of aan die raad) voor te lê. Die Wellingtongemeenskap beskik nie oor die kennis en vaardigheid om deel te neem aan die skoonmaakprojek, die lees van grondplanne of om strate te teer nie. Hulle het wel hulle regte rakende deelname as beïnvloeding uitgeleef.

Binne die konteks is deelname as blote beïnvloeding die *gepaste* model want 'n skoner area word daargestel en bronne word aangewend wat tot die plaaslike owerheid se beskikking is.

3.4 MODEL 3: DEELNAME AS EKSPLOITASIE

Deelname is 'n waardebelaaide konsep. Deelname as eksploitasie kan alle positiewe verwagtings en persepsies van begunstigdes bedreig. Deelname as eksploitasie verwys na die situasie waar die gemeenskap se arbeid en tyd gebruik word om self ontwikkelingsinisiatiewe (byvoorbeeld 'n behuisingsprojek) te implementeer (sien voorbeeld 3).

Voorbeeld: 3

Vanuit gesprekke met plaaswerkers blyk dit dat daar beperkte strukture (informeel/formeel) bestaan vir die beskerming van plaaswerkers se regte. Dit beteken gevolglik dat griewe wel teenoor die plaasbestuurder gelig kan word, maar dat hy/sy die reg behou om veranderinge aan te bring soos wat hom/haar geval. Volgens die plaaswerkers verdien hulle 'n salaris tussen R100 en R150.00 per week. Met werksure wat strek vanaf 07h00 tot 18h00 weerspieël die lone nie die hoeveelheid tyd en arbeid betrokke nie. Alhoewel griewe hieroor uitgelig word, staan die betrokke plaasbestuurder by sy "reg of weg"-credo.

BRON: Mee. S Mc Carthey en N Williams (2000)

Ingevolge die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (1997: art. 7) moet die volgende elemente inageneem word naamlik,

- die werkers se gesondheid en veiligheid binne die werkplek en
- die werkers se gesinsverantwoordelikheid.

Die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996: afdeling 2, art. 1) dui aanvullend aan dat “you have dignity, because you are a human being and your dignity must be respected and protected”. Alhoewel hierdie wetgewende raamwerke bestaan word die werkers se fundamentele regte naamlik om as mens gerespekteer te word, geïgnoreer. Daar word aangevoer dat hulle werk hulle brood en botter is, en dat hulle geen keuse het as om die “reg of weg”-credo te gehoorsaam nie.

Deelname as bloot eksploitasie is hier ‘n *gepaste* model van deelname in die sin dat die gemeenskap nie beskik oor ‘n ander bron van inkomste nie, die lone tog ‘n mate van sekuriteit bied, en die vrees vir werkloosheid groter is as die begeerte om menseregte te laat seëvier.

3.5 MODEL 4: DEELNAME AS BETROKKENHEID

Betrokkenheid verwys na die situasie waar ‘n individu voel dat hy/sy deel van ‘n gemeenskap is en gevolglik deelneem aan ontwikkelingsinisiatiewe.

Dit blyk dat betrokkenheid te make het met die emotiewe waardes wat die individu heg aan die omgewing. Omdat beide die konsepte, “deelname” en “betrokkenheid” ontwykend is, is daar sommige (byvoorbeeld Kotze en Kellerman) wat argumenteer dat daar ‘n verskil tussen deelname en betrokkenheid is, terwyl De Beer en Swanepoel (1998: 2) meld dat daar onsekerheid is oor die twee konsepte. Die onsekerheid gee aanleiding tot die vraag oor wanneer deelname as betrokkenheid gesien kan word.

‘n Sentrale element van deelname is dat die individu oor die wil moet beskik om aan enige ontwikkelingsinisiatief deel te neem. Aktiewe bydrae tot ontwikkelingsinisiatiewe is uiteraard belangrik (sien Witskrif op Plaaslike Regering 1998: 17).

Om iets te voel vir die gemeenskap is ook 'n integrale element van deelname, maar dit moet met aksie gekomplementeer word. Vervolgens kan hier gemeld word dat wanneer die individu slegs deel van 'n gemeenskap voel, maar nie aan enige ontwikkelingsaktiwiteite deelneem nie, dit gesien kan word as deelname as betrokkenheid.

Voorbeeld 4 illustreer die bogemelde konteks.

Voorbeeld: 4

Soos in die Munisipale Stelselwet (2000, hoofstuk 4-5) bepaal word, word daar van plaaslike owerhede verwag om 'n geïntegreerde ontwikkelingsplan te formuleer. Die Wellington-Munisipaliteit is geen uitsondering nie. Die geïntegreerde ontwikkelingsplan moet spesifieke areas soos die opstel van 'n gemeenskapsprofiel, sosiale en menslike ontwikkeling en opstel van 'n plaaslike begroting insluit. Omdat die amptenare beskik oor beperke tegniese en spesialiteitsvaardighede, is Octagonal Development CC as fasiliteerders aangestel. Daar word van ontwikkelingsfasiliteerders verwag om hulle eie diskresionêre praktyke aan te wend sodat programme en projekte in lyn met die ontwikkelingsdoelwitte geformuleer kan word.

BRON: Wellington-Munisipaliteit Nuusbrieff (Julie, 2000)

Artikel 152 (1) in die Suid-Afrikaanse grondwet dui aan dat die doel van plaaslike owerhede is om 'n demokratiese en verantwoordbare regering daar te stel. Hier kan waargeneem word dat plaaslike owerhede aanspreeklik is vir enige ontwikkelingsinisiatief wat deur eksterne agente uitgevoer sal word. Meyer en Theron (2000: 156) verwys na 'n Internasionale Manila Deklarasie (1989) oor deelname en volhoubare ontwikkeling wat in die Phillipyne gehou is. Daar word aandui dat 'n demokratiese plaaslike regering lei, beplan en bestuur. Dit beteken dat die plaaslike owerhede oor die nodige kennis, rakende die betrokke inisiatief moet beskik. Soos in die werkstuk aangedui word is dit

een van die uitdagings wat die Wellington se plaaslike owerheid in die gesig staar.

Binne die bogemelde konteks is deelname as blote betrokkenheid die *gepaste* model om ontwikkelingsdoelwitte te bereik. Die volgende rede kan aangevoer word, naamlik dat die plaaslike owerheid nie beskik oor spesifieke spesialiteits en tegniese vaardighede nie. Die gevolg is dat professionele bystand gelewer word soos byvoorbeeld ten opsigte van navorsing.

3.6 DEELNAME AS BEMAGTIGING

Cook (1997: 275), Oakley et al. (1991: 9) en De Beer en Swanepoel (1998: 53) argumenteer dat bemagtiging plaasvind wanneer toegang tot informasie en vaardighede moontlik is. Bemagtiging dui nie alleenlik op die kennis en moontlikhede wat ontgin kan word nie, maar ook op elemente soos die mobilisering van geleenthede, selfbevrediging en selfvoorsienendheid.

Voorbeeld 5 verwys na deelname as bemagtiging.

Voorbeeld 5:

Met die uitbreek van die cholera-epidemie is werksinkels aangebied in die relevante Gauteng-areas. Kwessies rakende persoonlike higiëne, omgewingsbesoedeling en hoe dit die HIV-epidemie beïnvloed, is beklemtoon. Sekere vaardighede en kennis wat die cholera-epidemie kon hok kan slaan is aan die betrokke gemeenskappe oorgedra. As gevolg van amptenare se dominerende houdings en nie-deelnemende kultuur is groepe gemarginaliseer en kon deelname nie bevredigend plaasvind nie. Omdat die gemeenskap nie bekend was met die epidemie en watter invloed dit uitoefen op HIV nie, was deelname beperk tot groepsaktiwiteite en oefeninge.

BRON: Wellington-Munisipaliteit Nuusbrief (Julie, 2000)

Ingevolge die Wet op Waterdienste (Water Service Act) (1997: art. 1) word daar aangedui dat elke individu die reg het op "vertroulike higiëniese" water.

Die Munisipale Stelselwet (2000: art. 16) dui aanvullend aan dat die gemeenskap geken moet word in ontwikkelingsbeplanning wat hulle direk affekteer. Die cholera-epidemie het hierdie groep direk geraak maar hulle deelname was beperk, met die gevolg dat relevante insette nie gelewer kon word nie.

Deelname as bemagtiging is die *gepaste* model om kennis en vaardighede oor te dra omdat:


- die gemeenskap ingelig word oor gezondheidselemente,
- 'n manier om 'n gesonder omgewing daar te stel aandag geniet;
- metodes vir die handhawing van persoonlike higiëne beklemtoon word en
- die gemeenskap ingelig word oor HIV, die oordrag daarvan en watter effek beide die HIV en die cholera-epidemie op mekaar uitoefen.

In diagram (6) word die elemente van die bemagtigingsmodel aangedui as demokratiese beginsels; strukturele toeganklikheid; subjektiewe bemagtiging en die mobilisering van bronne. Burkey (1993: 59) se klassifikasies van deelname word veral in die diagram beklemtoon.

3.6.1 KOMPONENTE VAN BEMAGTIGING

Die volgende vier elemente maak deel uit van die bemagtigingsproses, naamlik demokratiese beginsels, strukturele toeganklikheid, subjektiewe bemagtiging en mobilisering van bronne. In die onderstaande diagram (6) word daar aangedui dat Burkey (1993: 59) se klassifikasies van deelname die bogemelde elemente aanraak.

DIAGRAM 6: KOMPONENTE VAN BEMAGTIGING



BRON: Eie verwerking

Hier volg 'n verduideliking van die komponente van bemagtiging soos hierbo aangedui.

3.6.1.1 Demokratiese Beginsels

Volgens Burkey (1993: 59, sien Munisipale Stelselwet 2000: art. 5, 16) sluit deelname die volgende vyf elemente in, naamlik

- (1) dat deelname op verskillende maniere binne verskillende situasies verskillende vorme aanneem;
- (2) dat minderbevoorregtes as spesifieke groepe gehanteer word;

(3) dat komplekse verhoudings tussen die behoefte aan selfstandigheid en die behoefte aan eksterne bystand bestaan;

(4) dat deelname organisasie vereis en

(5) laastens dat geen sekerheid oor die spontane daarstelling van 'n deelnemende kultuur voorkom nie.

Ismail et al. (1997: 28-29 en Ceasar 1999: 5-59) voer aan dat deelname as mensgedrewe-proses sosiale verskeidenheid insluit. Artikel 9 (2) van die (Municipal Structures Act) Munisipale Strukture Wet (1998) postuleer dat die munisipale raad of plaaslike owerheid as instelling wat die mensgesentreerde proses bevorder, gedurig die volgende elemente moet evalueer, te wete dat

- daar gelet word op die behoeftes van die gemeenskap;
- daar aandag geskenk word aan die prioriteite om bogemelde te verwesenlik;
- daar gelet word op meganismes om die gemeenskap te betrek en
- die plaaslike owerheid se diensleweringismeganismes ten einde die behoeftes te bevredig gereeld geëvalueer moet word. Die beginsels kan nie sonder effektiewe kommunikasie-style bereik word nie.

As gevolg van Ismail et al. (1997) en Burkey (1993) se insigte is dit belangrik dat daar gefokus word op wedersyde kommunikasie, die meedeel van gesofistikeerde inligting en die aanwending van wat Treurnicht (1997: 93) sien as die "indigenous knowledge system".

Hierdie normatiewe posisie dui aan dat wanneer informasie gedeel word, word:

(1) die ontwikkelingsproses beïnvloed en

(2) die plaaslike gemeenskap word bemagtig om veranderinge *deur hulleself vir hulleself* aan te bring.

Plaaslike gemeenskappe beskik nie oor die nodige tegnologiese vaardighede om die beskikbaarheid van nuwe bronne, belangegroepe en finansiële bystand akkuraat te bepaal nie, gevolglik word eksterne kapasiteit benodig.

Die eksterne omgewing word gekenmerk deur die daarstelling van spesiale beginsels, naamlik hoe, wanneer en onder watter omstandighede gaan doelwitte bereik word en of dit tot die eksploitering van gemeenskappe aanleiding kan gee. Dit mag beteken dat ontwikkelingsdoelwitte van die gemeenskap minder aandag geniet en dat daar gefokus word op die rigting en fokuspunte van die eksterne omgewing. Hiermee word nie bedoel dat die eksterne omgewing sy reëls en daaglikse funksionering agteruit moet skuif nie. Dit sal gevolglik 'n effek hê op hoe onderhandel en saamgewerk gaan word. Wat wel aanbeveel word is dat reëls en regulasies die behoeftes van die area in ag neem. Burkey (1993: 60) argumenteer dat die omgewing deelname stimuleer, organiseer, en leiding bied aan die gemeenskap, sodat hulle vir hulle eie ontwikkeling verantwoordelik kan wees. Dit is om die rede dat Ismail et al. (1997: 28) meld dat die gemeenskap nie moet skroom om hulle politieke en sosiale insigte teenoor die eksterne liggame te lug nie.

In die beleidsdokument, Masakhane-gevallestudies (1998: 6), word aangehaal dat fundamentele beginsels soos betrokkenheid, samewerking, inisiatief en verantwoordelikheid aanwesig moet wees sodat 'n demokratiese plaaslike owerheid daar gestel kan word.

3.6.1.2 Strukturele Toeganklikheid

Cook (1997: 284) voer aan dat instellings en strukture 'n rol speel in die daarstelling van bemagtiging en dat aanpasbare hantering van situasies moet voorkom sodat strukturele beperkinge verminder kan word. Die Munisipale Stelselwet (2000: art. 17) voer aan dat die plaaslike owerheid geskikte meganismes, prosesse en prosedures daar stel ten einde gemeenskapsdeelname te optimaliseer. Dit sluit in dat die plaaslike owerheid innoverend en aanpasbaar moet wees. Burokratiese praktyke met beperkte kreatiewe aktiwiteite moet vervolgens geïgnoreer word. Dit gee aanleiding tot lae vlakke van deelname en bemagtiging.

Esman (1991: 40-45) en Jeppe (1986: 69) voer aan dat 'n verskeidenheid van beginsels, waardes en kulturele aspirasies in die gemeenskap voorkom.

Wanneer die doel van die ontwikkelingsproses verander, kan dié elemente geaffekteer word wat komplikasies vir ontwikkeling kan meebring. Blair (2000: 23) vat die idee saam naamlik dat die gemeenskap opgebou word wanneer gemeenskapsdeelname voorkom en belange aangespreek word.

3.6.1.3 Subjektiewe Bemagtiging

Cook (1997: 285) meld dat bemagtiging van die gemeenskap aanleiding gee tot begrip vir strukturele ontwikkelingspogings wat selfvoorsienendheid tot gevolg sal hê. In die Munisipale Stelselwet word daar aangevoer dat die ontwikkeling van die deelname-kultuur so moet geskied dat die gemeenskap bemagtig kan word om in die sake van die plaaslike owerheid deel te neem. Die strukture moet aanpasbaarheid aan die dag lê sodat horisontale deelname kan plaasvind. Dit kan slegs plaasvind indien die gemeenskap bekend is met wat ontwikkeling behels en wat die rol van die plaaslike owerheid is.

Balogun (1998: 37) argumenteer dat die gemeenskap begrip moet ontwikkel vir die "burgerlike kultuur" naamlik die ontwikkeling, werking en funksionering van plaaslike owerheid. Die Internasionale Manila Deklarasie (2000: 157) dui aan dat politieke deelname (burgerlike kultuur) aan die gemeenskap die geleentheid gee om daaglikse funksionering te beïnvloed. Dit is 'n belangrike element aangesien benadeelde groepe se nie-deelnemende kultuur verantwoordelik is vir sosiale en politieke agterstande.

Opleiding van die gemeenskap moet ook aandag geniet sodat kognitiewe en emotiewe aspirasies aangewend kan word om aktiwiteite van die owerheid te beoordeel. Hierdeur kan die individu homself bewapen met kennis en vaardighede om gevolglik sy/haar eie doelwitte te verwesenlik.

3.6.1.4 Mobilisering van Bronne

Plaaslike owerhede is verantwoordelik vir die daarstel van huishoudelike infrastruktuur, dienste, sosiale en ekonomiese ontwikkeling (*IDP-manual*, 1998 b). Burkey (1993: 206) en Steward (1985: 3,5) voer aan dat bevredigende

dienslewering essensieel is vir die effektiewe versorging van gesinne en die ontwikkeling van gemeenskappe. Die gemeenskap moet oor die nodige opleiding en geletterdheid beskik sodat hulle bewus kan wees van watter dienste hulle behoort te geniet en gevolglik die plaaslike owerhede daarvoor verantwoordbaar hou. Dit is binne hierdie hoedanigheid dat daar in die Urban Sector Network (1998: 46 sien Ceasar 1999: 63 en Internasionale Manila Deklarasie 2000: 157) aangedui word dat 'n verbintenis tot populêre legitimiteit moet voorkom, sodat daar gelet kan word op die volhoubare gebruik van bronne. Aanvullend word aangedui dat dit slegs kan geskied indien die gemeenskap aan die nodige opleiding blootgestel word. Die beskikbaarheid van genoegsame bronne word bevraagteken, en vervolgens sal dit makliker wees vir die plaaslike owerheid om die gemeenskap te laat verstaan dat bronne beperkend is. Burkey (1993: 206) dui aanvullend aan dat die mobilisering van bronne so moet plaasvind dat die gemeenskap ingelig word oor die beskikbaarheid/skaarsheid daarvan.

Daar moet gevolglik aan die gemeenskap gekommunikeer word dat haalbare verwagtinge gekoester moet word. Hierdie verwagtinge kan slegs bereik word indien die plaaslike owerheid meer weet omtrent die onmiddellike omgewing. In die IDP-handleiding (1998 b) word aangedui dat strukture, dokumentasie en menslike hulpbronne voorkom wat plaaslike owerhede en die eksterne omgewing kan help om meer oor die area te wete te kom.

3.7 SAMEVATTING

Daar is gelet op verskeie modelle vir die optimalisering van gemeenskapsdeelname, naamlik deelname as kommunikasie, as beïnvloeding, as eksploitasie, as betrokkenheid en as bemagtiging.

Daar word van plaaslike owerhede verwag om 'n model of kombinasie van modelle te gebruik wat die realiteit van die gemeenskap kan aanspreek. 'n Model wat die omgewingsfaktor(e) in ag neem, behoort dus gebruik te word. Wat in gedagte gehou moet word, is dat die tipe model(le) 'n effek het op hoe werkwinkels (byvoorbeeld die cholera-relevante werkwinkels in Kwazulu Natal)

aangebied word en hoe daar gefasiliteer word. Kennis oor die modelle en die gemeenskap word dus benodig sodat die gepaste model gebruik kan word.

In hoofstuk 4 word daar op die Wellington-omgewing gefokus ten einde te bepaal watter deelname-model of kombinasie van modelle, die aangewese model sou wees om deelname in Wellington te optimaliseer.

HOOFSTUK 4

GEVALLESTUDIE : WELLINGTON

Wat baat sosiale verandering indien dit nie 'n verskil in ons lewens maak nie.

(S Mc Carthey tydens onderhoud ,16 Oktober 2000).

4.1 INLEIDING

In hoofstuk 2 is die konsepte *gemeenskap*, *deelname*, *gemeenskapsdeelname* en *geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning* gedefinieer. Die respondente definieer die konsep "gemeenskap" as groepe wat hulself in die geografiese Wellington-area bevind. Daar is gemeld dat die konsep waardebelaaie is en dat mense se uiteenlopende waardes en begeertes nie uit die oog verloor moet word nie. Die aspekte sal in ag geneem word wanneer na die Wellington-gemeenskap verwys word en gemeenskapsdeelname in GOB-verband ontleed word.

Ten opsigte van die konsep "deelname" blyk dit dat deelname verskeie vorme aanneem, naamlik, deelname as kommunikasie; as beïnvloeding; as eksploitasie; as betrokkenheid en as bemagtiging. Die vorme van deelname speel 'n belangrike rol in die gemeenskap se toetrede tot die deelnameproses en moet in ag geneem word wanneer na die gevallestudie verwys word.

Volgens die respondente kon die konsep gemeenskapsdeelname beter verstaan word (1) indien dit gemeenskap en deelname as afsonderlik hanteer en (2) indien daar gelet word op wat gemeenskapsdeelname *nie* behels nie. Dit is gestel dat gemeenskapsdeelname nie dui op die afdwinging van besluite nie, en dat ontwikkelingsaktiwiteite nie namens die gemeenskap geloods moet word nie. Daar is ook aangedui dat deelname verwys na die samekoms en saamwerk van mense.

Daar is ook gemeld dat gemeenskapslojaliteit 'n belangrike faktor is wanneer geïntegreerde ontwikkelingsbeplanningsdoelwitte bereik wil word. Gemeenskapslojaliteit dui hier op die situasie waar die gemeenskap hulself moreel koppel aan die gemeenskap en sy ontwikkelingsdoel. Dit blyk dat verskeie rolspelers poog om gemeenskapsdeelname te fasiliteer en te bevorder.

Enkele rolspelers is hier onderskei, naamlik, gemeenskapsleiers, beplanners, eksterne agente en projekagente.

Laastens verwys geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning na die instrument wat verseker dat plaaslike owerhede hulle spesifieke ontwikkelingsrol vervul sodat die probleem van ruimtelike, sosio-ekonomiese en institusionele fragmentasie aangespreek kan word. Vanuit wetgewing (soos die Ontwikkelingsfasiliteringswet 1995: 859 en Witskrif op Plaaslike Regering 1998: 27) blyk dit dat die konsep slegs geslaagd sal wees indien institusionele kapasiteit versoen word met deelnemende besluitneming.

Die konsepte soos gedefinieer in hoofstuk 1 sal as raamwerk gebruik word om gemeenskapsdeelname in Wellington te evalueer.

Die benadering wat hier gevolg sal word, behels:

- (1) die identifisering en beskrywing van die gemeenskap;
- (2) die identifisering en beskrywing van onderskeie rolspelers in gemeenskapsdeelname.

4.2 OMSKRYWING VAN DIE WELLINGTON-GEMEENSKAP

Wellington is geleë in die Bolandstreek ongeveer 150 km noord van Kaapstad se sentrale besigheidsgebied. Bylae B (kaart 1) toon die ligging van Wellington aan in die groter Boland-area. Bylae C (kaart 2) toon die ligging van Wellington aan in groter Wynland Distrikraad. Bylae D (kaart 3) toon die geografiese grense van onderskeie woonareas in Wellington aan. Die Wynland Distrikraad is 'n landelike of landboudistrik en beslaan 'n area met 220 000 ha ($\pm 2\,200\text{ km}^2$).

In die *Integrated Development Framework Spatial Plan (2000: 3)* word daar aangedui dat die Wynland Distrikraad die Kaapse Metropolarea in die weste, die Weskusdistrik in die noorde, die Breë Rivier-distrik in die noord-ooste en ooste en die Overberg distrik in die suid-ooste en ooste insluit. Die Wynland Distrikraad sluit ook dorpe soos Stellenbosch, Franschhoek, Paarl, Pniel en Wellington in. Kleiner nedersettings soos Johannesdal, Kylemore, Klampmuts, Philadelphia, Riathby, Kliphewel, Wemmershoek en Hermon word ook ingesluit. Die Wynland Distrikraad oefen jurisdiksie uit oor 2 streke naamlik Stellenbosch en die Paarl-Wellington area .

Die Paarldistrik beskik oor 'n bevolking van ongeveer 160 000 en dit beslaan 'n area van ongeveer 176 500 ha (\pm 1760 km). Wellington bestaan uit 'n bevolking van 35 000 mense en beslaan 'n oppervlakte van 1844 ha.

Soos in hoofstuk 1 aangedui word, het apartheid aanleiding gegee tot rasseverdeling (Bylae D Kaart 3 gee 'n aanduiding hiervan). 'n Studie wat deur die voormalige Wellington-munisipaliteit (European Union Foundation for Human Rights in South Africa 1999) onderneem is, dui op die volgende :

- Ongeveer 6.6% vroue (Kleurlinge en Swartes tesame) is werksaam as huishoudsters;
- Ongeveer 15% van Wellington se inwoners is werkloos;
- Ongeveer 15.3% is professionele werkers;
- Die bruto-inkomste van 36.6% inwoners is onder R216 per maand;
- Ongeveer 9% verdien +R 2000 terwyl,
- Ongeveer 11.9% verdien tussen R 3000-R6000 per maand. Dit sluit meestal blankes in.

Bogemelde statistieke dui op die ongelyke inkomste-vlakke wat 'n nalatenskap is van die apartheidstelsel. Dit is binne die hoedanigheid dat Octagonal Development CC as fasiliteerders aangestel is om sosiale omstandighede deur middel van geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning aan te spreek.

4.3 IDENTIFISERING EN BESKRYWING VAN DIE ONDERSKEIE ROLSPELERS IN GEMEENSKAPSDEELNAME BINNE GOB TE WELLINGTON

Aangesien sosiale verbetering 'n onbegonne taak is sonder die betrokkenheid van die relevante rolspelers, sal daar op die volgende rolspelers gelet word:

- (1) plaaslike owerheid;
- (2) projekagente;
- (3) NRO's/eksterne groepe en;
- (4) gemeenskapsleiers.

4.3.1 Plaaslike owerheid as kontroleerders

Vroeër is aangedui dat Octagonal Development CC as fasiliteerder vir die GOB-proses genader is. Wat hieruit afgelei kan word, is dat die plaaslike owerheid nie beskik oor die nodige kennis en vaardigheid om die proses self te onderneem nie, en dat meer professionele kennis benodig word. In 'n onderhoud met me L Adams is aangedui dat daar nie van die plaaslike owerheid verwag word om 'n direkte rol te speel nie, maar dat plaaslike owerhede die proses noukeurig moet monitor en kontroleer. In die Departement van Grondwetlike Ontwikkeling (1997: 3) word daar aangedui dat tradisionele munisipaliteite se rol aangevul word deur leiding, bestuur en beplanning. Hieruit kan afgelei word dat die plaaslike owerheid moet toesien dat die projekbestuurders by die bedoeling van die ontwikkelingsinisiatief hou. Dit kan slegs gedoen word indien die plaaslike owerheid deeglike koördinerings, leiding en beplanning toepas.

4.3.2 Plaaslike owerheid as beplanner

Plaaslike owerhede word vereenselwig met die diensleweringsovername en hulle rol word breedvoerig hanteer in die volgende wetgewings, naamlik Transformasie van Sekere Landelike Gebiedswet (1998), Wes-Kaap se Wet op Beplanning en Ontwikkeling (1999), Witskrif op Plaaslike Regering (1993) en Wet op Ontwikkelingsfasilitering (1995). In hoofstuk 3 word die bogemelde wetgewing, behalwe die eerste twee, bespreek en sal dit dus nie hier herhaal word nie. In Transformation of Certain Rural Areas Act (1998) word daar aangedui dat

enige individu die reg tot eiendom het en dat grondontwikkeling daar gestel moet word. In Wes-Kaap se Wet op Beplanning en Ontwikkeling (1999: 17) word aangevoer dat daar 'n konkrete beleid rakende gemeenskapsdeelname moet bestaan, en dat die ontwikkelingspoging met die ekologiese karakter van die omgewing moet harmoniseer.

Beplanning moet nie net as 'n meganisme gebruik word om die ontwikkelingsproses te lei en te bestuur nie, maar dit moet ook aansluit by die fisiese karakter van die omgewing en die gemeenskap.

4.3.3 Projekagente

Projek-agente se tegniese en konseptuele vaardighede kan nuttig aangewend word om dienslewering en gemeenskapsdeelname positief te beïnvloed. Binne die Wellington-area kan enkele projekagente geïdentifiseer word naamlik:

- (1) Wynland Distrikraad
- (2) European Union Foundation for Human Rights in South Africa.
- (3) Octagonal Development CC

Octagonal Development CC se rol as fasiliteerders is:

- (1) om die GOB-proses aan belanghebbendes te verduidelik;
- (2) om oorhoofse doelwitte vir ontwikkeling deur middel van SWOT-analises te identifiseer;
- (3) om die voorsiening van tegniese steun aan die implementeringstruktuur te bied; en
- (4) om 'n aanduiding te gee van hoe bogemelde elemente die plaaslike begroting sal beïnvloed.

Die proses vir die opstel van geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning vir die Paarl Verteenwoordigende Oorgangsraad (VOR) -regsgebied het aanvang geneem met die eerste werksinkels.

Die openbare werksinkels het tussen 29 April en 18 Mei 1999 plaasgevind, met die doel om alle rolspelers in te lig oor wat GOB behels en watter belanghebbendes betrek sal word.

Die GOB-proses word deur 'n sterk parallelle openbare deelnemende proses onderlê en verskeie werksinkels is in die landelike areas aangebied. In die Winelands Integrated Development Framework Spatial Plan (2000: 8) word aangedui dat die werksinkels in verskeie areas aangebied word ten einde die bes moontlike verteenwoordiging van alle relevante rolspelers te verseker. Dit help om 'n akkurate beeld van die behoeftes van die plaaslike gemeenskap te verkry. 'n Ontwikkelingsprofiel van die area is opgestel wat die sosiale tendens in terme van ontwikkeling in die gebied uiteensit.

Die tweede reeks werksinkels is tussen 7 en 17 Junie 1999 in Hermon/Wellington-area gehou waartydens die ontwikkelingsprofiel tweeledige rigtings ontsluit het, naamlik:

- (1) om aan die gemeenskap terugvoering te gee oor inligting wat in die profiel vervat is en;
- (2) om rolspelers op dieselfde vlak van kennis oor ontwikkeling in hulle streek te bring.

Aanvullend het hierdie werksinkels ten doel gehad om 'n opname te doen van alle ontwikkelingsvraagstukke wat deur die betrokke gemeenskap ondervind word.

Tydens die onderhoud met me L Adams is daar gemeld dat die Wellington-streek in ses landelike areas verdeel was. Die ses landelike areas is die onderstaande:

- (1) Hermon/Wellington-area;
- (2) Groot Drakenstein;
- (3) Klipheuwel;
- (4) Klein Drakenstein;
- (5) Wemmershoek en

(6) Franschhoek landelike area.

Alhoewel die streek in ses substreke verdeel is, word beplanning op makro-vlak geloods (die totale Paarl-VOR landelike gebied). Die uitsette is gevolglik 'n weerspieëling van die gemeenskap binne die hele streek. Die Wynland Distrikraad Paarl-verteenwoordigers Gebiedsprojekspan (1999: 10) toon aan dat soveel as moontlike pogings aangewend is om inligting te bekom en te fasiliteer.

'n Derde reeks werksinkels is gehou tussen 12 September 1999 en 30 September 1999 waartydens die konsep SWOT-analise (swakpunte, sterkpunte, geleenthede en bedreigings) aangepas en bevestig is. Verder is konsep-doelwitte aan deelnemers voorgelê vir aanpassings en byvoegings sodat 'n oorhoofse visie vir die streek geïdentifiseer kon word.

'n Verslag is deur Octagonal Development CC, Wellington Munisipaliteit en die Wynland Distrikraad saamgestel waarin die finale SWOT-analise na die aanpassing, aangebied is. In die verslag word die volgende inligting vervat naamlik:

- (1) finale doelwitte vir ontwikkeling uiteengesit soos met belanghebbendes by werksinkels uitgeklaar en bevestig; en
- (2) konsep-strategieë en konsep-projekte vir die doeleindes voorberei wat as die beprekingspunt by die vierde kontakssessie gedurende November 1999 aangebied is.

Nege sektore is as belangrike vertrekpunte onderskei naamlik (Vergelyk Bylae E):

- (1) natuurlike omgewing;
- (2) landbou;
- (3) menslike hulpbronne;
- (4) landelike en dorpsnedersettings;

- (5) behuising en gemeenskapsfasiliteite;
- (6) toerisme;
- (7) infrastruktuur;
- (8) vervoer en;
- (9) kultuurerfenis.

Die oorhoofse doelwit vir ontwikkeling in die Wellingtonstreek is:

- (1) die verhoging van inwoners se lewenskwaliteit;
- (2) gesamentlike beplanning van alle sektore en belanghebbendes met die gemeenskap, ten einde munisipale aktiwiteite op 'n deursigtige en verantwoordbare wyse uit te voer;
- (3) koppeling van voorstelle/projekte moet met die plaaslike owerheid se jaarlikse begroting;
- (4) bemagtiging van mense ingeligte besluite te neem en;
- (5) aanspreking van die behoeftes, soos behuising.

Uit voorgenoemde inligting blyk dit dat geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning as konsep tog konkrete moontlikheid openbaar. Plaaslike owerhede, belangegroepes en besighede poog om weg te doen met bloudruk-beginsels waar tegnologiese en wetenskaplike innovasie sleutelkomponente is tot sosiale verbetering. Die gemeenskap se reaksie en uitgangspunte tot ontwikkelingspogings is veronderstel om sleutelemente te wees. Werkswinkels is gehou en die samewerking van bykans dertig rolspelers is verkry. Al stap wat nog oorbly, is om die GOB-proses met ontwikkelingsprojekte en programme te komplementeer.

4.3.4 NRO's/eksterne agente

Organisasies en eksterne agente as instrumente om menslike behoeftes en ontwikkelingsaspekte aan te spreek, lewer nie altyd 'n direkte bydrae tot die plaaslike owerheid se ontwikkelingsrol nie.

Organisasies soos die onderstaande mag die plaaslike owerheid van intellektuele bystand voorsien en ander mag finansiële hulp verskaf. Wellington word veral deur die volgende organisasies ondersteun (slegs enkeles word aangedui):

- (1) Hermon Behuisingsforum;
- (2) European Union Foundation for Human Rights in South Africa;
- (3) Wellington Polisediens;
- (4) HOP-verteenwoordigers;
- (5) Groot Drakenstein Ontwikkelingsforum;
- (6) Nuwe Apostoliese Kerk ;
- (7) Pinksterkerk ens.

4.3.5 Gemeenskapsleiers

Gemeenskapsleiers is 'n breë konsep en soos in hoofstuk 1 aangedui word, ontsluit die konsep verskeie waardes en begeertes. Hoe daar gesosialiseer word, het 'n effek op die karakter en fokuspunte van die tipe leier. Politieke figure, magistrade, dokters ens. is gemeenskapsleiers wat die gemeenskap kan help opbou.

Wellington, soms die hartjie van die Boland genoem, geniet relatiewe sosiale vooruitgang. Besighede en organisasies se dienste, by wyse van intellektuele en finansiële hulp, word verkry. Die streek se ontwikkelingspotensiaal is nie heeltemal so rooskleurig nie en minderbevooregtes opper nog steeds vraagstukke soos werkloosheid, marginalisering, plakkersbuurte, ens.

Dit het veral geblyk uit die fokusgroep-onderhoude. Die onderstaande studie dui op die terugvoering van respondente tydens fokusgroep-sessies waar daar gelet is op (1) hoe die gemeenskap gemeenskapsdeelname begryp en of (2) verbetering van sosiale omstandighede deur eie inisiatiewe begin.

Die onderstaande persone is in twee (2) groepe van agt elk ingedeel. In 'n epos van dr. Schutte is daar aangedui dat groter groepe aanleiding kan gee tot onderlinge besprekings wat vertragings kan veroorsaak (sien Schutte 2000: 86) en is voorstel dat ongeveer agt persone in 'n groep ingedeel moes word.

Die individue is:

- (1) Mnr. L Jonas, munisipale werker;
- (2) Mnr. J Daniels, ingenieur;
- (3) Mnr. D Julies, sekuriteitsbeampte;
- (4) Me R Fielies, huisvrou;
- (5) Mnr. S Sampson, toesighouer;
- (6) Mnr. F Morkel, werklose;
- (7) Me G Ceaser, verpleegster;
- (8) Me J Jooste, huishoudster;
- (9) Me D Japhta, sekretaresse;
- (10) Me C Julies, werklose;
- (11) Me N Williams; plaaswerker
- (12) Mnr Z Jacobs, ingenieur;
- (13) Me Y Fortuin, supermarkassistent;
- (14) Me D Mitchell, student;
- (15) Mnr. P Kok, sweiser en
- (16) Me R Kok, werklose.

4.3.5.1 FOKUSGROEP-ONDERHOUDE GEVOER MET GROEP 1: PERSONE TUSSEN 18 EN 35 JAAR OUD, 15 OKTOBER 2000

Vanuit die fokusgroep-onderhoude blyk dit dat die groep bewus is van ontwikkelingsprojekte en programme wat vanaf 1994-2000 geloods is. Die respondente is bekend met die Masakhane-program en behuisingsprojekte wat

geïmplementeer word in die Van Wyksvlei-, Payton Place- en Carterville-area. Sommige is deel van die Ou Apostoliese Jeugorganisasie en daar bestaan aanvaarbare begrip van gemeenskapsdeelname en bemagtiging. Alhoewel die groep bewus is van ontwikkelingsprojekte is hulle nie bewus van wat geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning behels nie.

Nadat 'n neutredop-verduideliking van die proses aangebied is, het die groep aangedui dat die plaaslike owerheid nie genoeg doen om hulle oor die GOB-proses in te lig nie. Een van die individue het 'n *interessante* opmerking gemaak, naamlik, dat indien die gemeenskap nie die aard van GOB verstaan nie kan betekenisvolle deelname nie plaasvind nie. Kommentaar kan gelewer word oor die vanselfsprekendheid van hierdie stelling. Die vraag is: of dit werklik so vanselfsprekend is dat 'n benadeelde gemeenskap, met 'n lae deelname kultuur vrae soos hierdie kan stel, veral indien die gemeenskap nie die diepte van deelname of GOB verstaan nie.

Die vraag ontstaan dat indien die gemeenskap nie betrokke is nie, hoe hulle behoeftes en ontwikkelingsprioriteite bevredig word. Daar is gemeld dat ontwikkelingsaksies vir die gemeenskap uitgevoer word en dat dit sosiale agterstande aanhelp. Dit is vir die groep belangrik dat meer programme geformuleer en geïmplementeer word sodat hulle bemagtig kan word om veranderinge in hulle eie lewens aan te bring.


Ten einde GOB aan die gemeenskap te verduidelik, is daar gemeld dat parallelle munisipale diensvennootskappe voorkom wat beteken dat die plaaslike gemeenskap deur ander munisipaliteite soos Paarl en Franschhoek gesteun moet word. Die groep het uitgelig dat plaaslike informele strukture soos kerke en jeugorganisasies voorkom, maar dat hulle eie situasies uitgelig word. Plaaslike kwessies soos misdaad, onaantreklike omgewing, behuising, werkloosheid en beter dienslewering word nie aangespreek sodat die hele gemeenskap daarby kan baat vind nie.

4.3.5.2 FOKUSGROEP-ONDERHOUDE GEVOER MET GROEP 2: PERSONE TUSSEN 35 EN OUER, 15 OKTOBER 2000

Vanuit die staanspoor was dit moeilik om met hierdie groep te kommunikeer. Sommige van die respondente was ongeletterd en het nie verstaan wat van hulle verwag word nie. 'n Simplistiese model is saamgestel sodat die groep se begripvlak verhoog kon word. Hier is vervolgens 'n ander metode gevolg. Die onderstaande skaal is aan die persoon oorhandig waar die individu 'n aanduiding moes gee van sy/haar gevoel (sterk, onseker of tevredenheid) oor 'n aangeleentheid.

Die model lyk soos volg:

DIAGRAM 7: TREK SKAAL



BRON: Eie verwerking

Die groep is bewus van die ontwikkelingsinisiatiewe (soos die sportkompleks, winkelsentrum en die bestuursentrum) wat geïmplementeer word. Die groep meld verder dat hulle *onseker* is of dit van die gemeenskap 'n "ekonomiese Goliat" sal maak. Die klem het geval op die niksbeduidendheid van veral die bestuursentrum. Volgens die gemeenskap staan die gebou in onbruik en dit is 'n mors van geld en arbeid. Volgens die Carterville-gemeenskap is geweld en inbrake veral 'n groot probleem en *stem almal sterk saam* dat 'n plaaslike polisiestasie meer aanneemlik sou wees. Volgens hierdie groep is kommunikasie ondoeltreffend en *stem hulle saam* dat meer toepaslike

meganismes aangewend moet word om deelname te optimaliseer. Deelname is breedvoerig gedefinieer, naamlik waar almal in die gemeenskap saamkom en saamwerk sodat sosiale kwessies aandag kan geniet. Selfvoorsienendheid en die vermoë om onafhanklike besluite te neem is belangrike elemente, maar die groep is nie seker of hulle oor die geld en kennis beskik om onafhanklike besluite te neem nie.

Die respondente het aangedui dat daar baie strukture bestaan wat veronderstel is om die belange van die gemeenskap te verhoog, maar dat praktiese ervaring op die teenoorgestelde dui. Sosiale kwessies soos werkloosheid, misdaad en ongesonde omgewingstoestande asook behuising word veral ondoeltreffend aangespreek. Die groep *stem sterk saam* dat gemeenskapsdeelname die sleutel tot sosiale verbetering is. Daar is aangevoer dat kennisgewings van vergaderings meer gereeld moet geskied en dat administratiewe etiket en vriendelikheid gehandhaaf moet word.

Vanuit die observasies blyk dit dat respondente nie bekend is met die konsep geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning is nie. Tydens die fokusgroep-sessies met beide groepe is die volgende waargeneem, naamlik dat:

- 'n beperkte siening oor gemeenskapsdeelname bestaan;
- die konsep geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning verdere verduideliking benodig;
- die gevoel bestaan dat indien die *beplande GOB-proses* toegepas word sal die gemeenskap daarby baat sal kan vind;
- alhoewel die gemeenskap begryp dat niks sonder eie inisiatief geslaagd sal wees nie en dat gemeenskapsdeelname die sleutel komponent is, is hulle gemaksugtig;
- dit blyk dat beide groepe die deelname as kommunikasie model uitgeoefen het. Eenrigting kommunikasie kom voor waar GOB in nuusbriewe en die plaaslike koerant (Paarl Post) aangeraak is. Die gemeenskap is nie bekend met GOB nie, dus kon betekenisvolle insette nie gelewer word nie.

- die 35 en ouer groep bevredigende samewerking gegee het nadat die skaal aangebied is;
- daar verwarring bestaan oor wat die rol van die gemeenskap en die plaaslike owerheid is ten opsigte van die ontwikkelingsproses.

Die gemeenskap se huidige sosiale situasie is onaanvaarbaar. Gesondheidsdienste en byvoorbeeld misdaad is wel groot vraagstukke, maar die ontwikkelingsprioriteit van die hele Wellington-area moet aandag geniet. Tydens die werkswinkels is daar veral opgelet dat die klem op plaas-areas val. Hermon word as voorbeeld gebruik waar mense ongeveer R10 vervoer (per dag) betaal om kinders by die skool te kry. Die gevolg is dat kinders op 'n vroeë ouderdom die skool verlaat vanweë beperkte finansiële bronne.

Fetale Alkoholsindroom kom voor wat aanleiding gee tot gesondheid en ekonomiese probleme. As gevolg van onvoldoende fondse weier die Hermon-plaasboere om plaaswerkers met opleiding te bemagtig (Me. L Adams, identifiseer; HOP-verteenwoordiger, me. E van Heerden, HOP-verteenwoordiger en Wynland Distrikraad Paarl VOR 1999: 10). Daar is aan die gemeenskap duidelik gemaak dat parallele samewerking tussen liggame moet plaasvind sodat 'n sosiale balans bereik kan word. Die groepe het aangedui dat benadeelde areas versterk moet word, maar dat dit nie beteken dat hulle verwagtinge en begeertes agteruit geskuif moet word nie. Volgens die groepe is dit die plaaslike regering se plig om die plaaslike gemeenskap in te lig oor watter prioriteite aandag moet geniet.

4.4 SAMEVATTING

Ontwikkelingsprojekte wat in die Wellington-area geïmplementeer word, word gesteun deur besighede en organisasies. Ongelukkig word dit verbloem deur sosiale agterstande. Plaasareas soos Hermon ervaar diensleweringprobleme soos skoon omgewing, onbevredigende plaasomstandighede, ens. Huidiglik (2000/01) word geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning as meganisme aangewend om die sosiale kwessies aan te spreek.

Octagonal Development CC is as fasiliteerders aangestel om die GOB-proses te dryf. Verskeie werkswinkels is gehou waar die volgende sektore as belangrike vertrekpunte aangedui is, naamlik: natuurlike omgewing, landbou, menslike hulpbronne, landelike en dorp nedersettings, behuising en gemeenskapsfasiliteite, toerisme, infrastruktuur; vervoer en kultuurerfenis.

Die oorhoofse ontwikkelingsdoelwitte vir die Wellington-streek is:

- (1) die strewe na die verhoging van die lewenskwaliteit van die inwoners;
- (2) dat alle sektore, belanghebbendes moet met die gemeenskap beplan, ten einde munisipale aktiwiteite op 'n deursigtige en verantwoordbare wyse uit te voer;
- (3) dat voorstelle/projekte aan die plaaslike owerheid se jaarlikse begroting gekoppel moet word;
- (4) dat mense bemagtig moet word om ingeligte besluite te neem; en
- (5) dat die behoeftes, soos veral behuising aangespreek word.

Die samewerking van dertig rolspelers was verkry en die volgende stap is om die doelwitte van GOB prakties te toets. Daar is van twee fokusgroepe gebruik gemaak waartydens waargeneem is dat die gemeenskap gemaksugtig is en voel dat ontwikkelingsaktiwiteite vir hulle gedoen moet word. Die konsep deelname is bevredigend begryp, maar dit blyk dat die konsep GOB verdere verduideliking benodig.

Dit is 'n kommerwekende observasie aangesien GOB alreeds vir die afgelope jaar in die Wellington-streek geïmplementeer word. Dit gee aanleiding tot die volgende vrae naamlik,

- of die Wellington-gemeenskap se deelname gemobiliseer is rakende die GOB-proses wat in die streek geïmplementeer sal word.
- dit blyk dat meer werswinkels op plase gehou word. Die vraag is of die Wellington-gemeenskap ingelig is oor die ontwikkelingsprioriteite wat gevolg sal word.

Dit blyk dat daar gapings in kommunikasie tussen die plaaslike owerhede en die gemeenskap voorkom. Demokratiese waardes en die ontwikkelingsproses word noukeurig in beleidsraamwerke ontsluit. Die verwagting is dat die plaaslike owerheid bekend is met die voorgenoemde waardes: naamlik dat gemeenskapsdeelname die sleutelkomponent in enige ontwikkelingsinisiatief is. Die fokusgroep-onderhoude dui aan dat gemeenskapsdeelname gebrekkig figureer en na aanleiding van terugvoering tydens fokusgroep-sessies, is 'n gepaste model voorgedra en aanbevelings gemaak wat gemeenskapsdeelname in die Wellington-area optimaliseer. Die kommunikasie-bemagtigingsmodel word in hoofstuk 5 bespreek as 'n meganisme om gemeenskapsdeelname te optimaliseer.

HOOFSTUK 5

AANBEVELINGS EN SLOTOPMERKINGS

“One does not have to be able to write in order to be able to translate thoughts into concrete actions” (Chambers 1997: 149).

5.1 INLEIDING

In hoofstuk 3 is daar gefokus op verskeie deelname-modelle om gemeenskapsdeelname te optimaliseer. In hoofstuk 4 is die Wellington-omgewing verken ten einde te bepaal watter deelname-model gebruik kan word om gemeenskapsdeelname te bevorder. Volgens die fokusgroep-sessies blyk dit dat doeltreffende kommunikasie en bemagtiging van die betrokke gemeenskap gebrekkig is. Hier is aangedui dat die deelname as kommunikasie model uitgeoefen is. Gevolglik is die *kommunikasie-bemagtigingsmodel* as 'n meganisme saamgestel om gemeenskapsdeelname te optimaliseer. In hierdie hoofstuk word daar gekyk na waarom hierdie model gemeenskapsdeelname kan optimaliseer.

5.2 DIE KOMMUNIKASIE-BEMAGTIGINGSMODEL AS MEGANISME OM GEMEENSKAPSDEELNAME TE OPTIMALISEER.

Ten einde bogemelde model te illustreer, sal die kommunikasie- en bemagtigingsmodel apart bestudeer word.

5.2.1 KOMMUNIKASIE-MODEL

'n Vraag wat aandag geniet, is wie kommunikeer met wie, wat word gekommunikeer en wat is die doel van die kommunikasie-model. Ten opsigte van Wellington is dit belangrik dat kommunikasie plaasvind tussen die plaaslike owerheid, Octagonal Development CC en die gemeenskap. Ontwikkelingsrelevante informasie moet gereeld aan die gemeenskap

gekommunikeer word sodat hulle opgevoed kan word om betekenisvolle insette te lewer. Die kommunikasie-model speel ook 'n rol in die aanmoediging van die gemeenskap om meer selfvoorsienend te wees, en dus aktiwiteite vir hulself te implementeer.

Ontwikkelingstrukture is die mondstuk van die gemeenskap. Onsekerheid bestaan of die gemeenskap bewus is van al die strukture (formeel en informeel) en hoe die gemeenskap dit kan gebruik om hulle omgewing te verander. Gevolglik moet die essensie en betekenis van strukture aan die gemeenskap uitgelig word. Daar moet veral aangedui word dat strukture en ander rolspelers (soos uitgelig in hoofstuk 4, bladsy 47-53) geen effektiewe besluite kan neem sonder gemeenskapsdeelname nie.

Rolspelers moet veral onthou dat kommunikasie nie vanuit 'n gesaghebbende hoedanigheid moet geskied nie. Die gemeenskap se huishoudelike en sosiale omstandighede moet in ag geneem word sodat kreatiewe maniere van fasilitering ontwikkel kan word.

Benadeelde groepe se selfvertroue is gebrekkig en hulle beskik nie altyd oor die begeerte om hulle posisie as fokus van die ontwikkelingsproses, vol te staan nie. Daar word van die plaaslike strukture verwag om aan die gemeenskap te kommunikeer dat hulle essensieel is in die ontwikkelingsproses en dat hulle bereid moet wees om hulle burgerlike kultuur te ontwikkel. Hierdie element moet beklemtoon word, want dit stel die gemeenskap in staat om die rol van die gemeenskap en die plaaslike owerheid te verstaan.

Soos in hoofstuk 1 (bladsy 1) aangedui word, is ongeveer 56% van die swart Suid-Afrikaanse bevolking ongeletterd. Die gevolg is dat komplekse konsepte soos geïntegreerde ontwikkeling aan diegene verduidelik moet word. Dit kan slegs geskied indien verskeie meganismes (veral visuele meganismes) aangewend word wat die gemeenskap se begripvlak kan verhoog. Meyer en Theron (2000: 35-61) bespreek verskeie strategieë om deelname te optimaliseer.

Let daarop dat die elemente saam met die aanbevelings (5.3) gelees moet word. Die strategieë is soos volg:

5.2.1.1 Kontak met plaaslike owerheid

Die Suid-Afrikaanse grondwet dui aan dat plaaslike owerhede die betrokkenheid van die gemeenskap moet vergemaklik. Die beginsel beteken nie dat die plaaslike owerheid griewe uit die gemeenskap moet forseer nie. Dit is die plaaslike gemeenskap se plig om klagtes en griewe te lug. Die situasie mag voorkom dat die gemeenskap griewe wil lug, maar nie weet waar om dit te doen nie. In die opsig dui Meyer en Theron (2000: 35) aan dat dit nuttig sal wees as die gemeenskap bewus is van betrokke kontakpersone en hulle relevante telefoonnommers. Ten opsigte van die Wellington-gevallestudie kan die gemeenskap let op die rekeningstate vir moontlike kontaknommers. Daar kan ook gelet word op nuusbriewe vir verdere inligting rakende kontakpersone. Let op die onderstaande voorbeeld rakende hierdie element.

Voorbeeld:	Kontaknommers
Die Drakenstein Munisipaliteit bestaan uit die volgende administratiewe punte, soos hieronder gelys.	
PAARL: (Admin. hoofkantoor)	tel: 021: 807 4500
SARON: (Admin. sub-kantoor)	tel: 023: 240 0525
WELLINGTON: (Admin. sub-kantoor)	tel: 021: 873 1121
BRON: Drakenstein Munisipaliteit- Nuusbrief, Julie 2001	

5.2.1.2 Persoonlike besoeke aan die Wellington plaaslike owerheid

Die Suid-Afrikaanse grondwet (1996: art. 153) dui aan dat die plaaslike owerheid oor die kapasiteit moet beskik om administratiewe prosesse te bestuur. Dit dui nie net op die begrotings- en diensleweringaspekte nie; dit dui

ook op die vriendelike hantering van klagtes. Volgens Meyer en Theron (2000: 37) is die plaaslike owerheid in die meeste gevalle die eerste wat kontak maak met nuwe inwoners, byvoorbeeld met die aanskakeling van elektrisiteit ens. Eerste indrukke is blywend en die plaaslike owerheid moet sorg dat kennisgewingborde gereelde opdatering geniet.

5.2.1.3 Bywoning van raadsvergaderings

Terugvoering van fokusgroep-onderhoude het aangedui dat die Wellington-gemeenskap gemaksugtig is en dat sommige glo dat aktiwiteite vir hulle geloods moet word. Alhoewel raadsvergaderings oop is vir die gemeenskap, word die gemeenskap beperk tot observasies. Die beginsel is nie prakties nie, en gevolglik gee dit aanleiding tot lae gemeenskapsdeelname. Meyer en Theron (2000: 38-39) stel voor dat die raad 'n oop besprekingsforum hou byvoorbeeld waar kwessies soos GOB openlik bespreek kan word. Let op die onderstaande voorbeeld van 'n uitnodiging na 'n raadsvergadering.

Voorbeeld:	Uitnodiging na raadsvergadering
	Die gemeenskap word hartlik uitgenooi om die Raadsvergadering om 14h00 in die Paarl Gemeenskapsaal by te woon.
	Hoewel die datums en die plek van die vergadering onderhewig is aan verandering, kan daar met redelike sekerheid gestel word dat die Stadsraad vir die volgende ses maande op die volgende datums vergader:
	31 Julie 2001, 28 Augustus 2001, 25 September 2001, 27 November 2001.
	Die vergadering in Desembermaand word gewoonlik vervroeg sodat die Raad in reses kan gaan, derhalwe kan met redelike sekerheid aanvoer word dat hierdie vergadering op 11 Desember 2001 gehou sal word.
	<i>Kom luister hoe 58 raadslede oor die Drakenstein se sake redeneer en besluite neem.</i>
	BRON: Drakenstein Munisipaliteit-Nuusbrief, Julie 2001

5.1.2.4 Bywoning van openbare vergaderings

Hierdie meganisme om gemeenskapsdeelname te optimaliseer is gewild. Plaaslike amptenare beskik nie altyd oor die vermoë om die gerieflikste tyd en plek vir openbare vergaderings aan te kondig nie, met die gevolg dat

gemeenskapsdeelname gebrekkig figureer. Meyer en Theron (2000: 40-41) dui aan dat vergaderings verkieslik in die aand of Sondae gehou kan word.

5.1.2.5 Fasilitering van inligtingsvergaderings

Die fasilitering van inligtingsvergaderings is 'n betekenisvolle manier om die plaaslike gemeenskap op te voed oor burgerskap en demokratiese regering. Meyer en Theron (2000: 42) dui aan dat inligtingsvergaderings 'n passiewe vorm van deelname is, waar programme en beleide voorgestel word. Die gemeenskap kry wel 'n geleentheid om vrae te stel.

5.1.2.6 Openbare deelnemende staande komitees (ODSK)

Meyer en Theron (2000: 44) dui aan dat as gevolg van die klem op toename in gemeenskapsdeelname mag die ODSK geoorweeg word. Die openbare deelnemende staande komitee fokus op die evaluering en monitor van gemeenskapsdeelname. Die insette van die gemeenskap speel 'n belangrike rol.

5.1.2.7 Deelneem aan fokusgroep-onderhoude

Schutte (2000: 86) dui aan dat fokusgroepe 'n gestruktureerde metodologie is waar persone wat op een of ander wyse blootgestel is aan dieselfde kwessies soos GOB, deelneem aan onderhoude. Meyer en Theron (2000: 45) dui aan dat die fokusgroep-onderhoude gemeenskapsdeelname en demokratiese plaaslike regering bevorder. Schutte (2000: 86) dui aan dat fokusgroep onderhoude bydrae tot die:

- Spoedige generering van data;
- Lae koste;
- Kwalitatiewe data wat oor die gemeenskap se waardes en verwagtinge bekend word;
- Aanpasbaarheid en die
- Effektiewe dekking van 'n onderwerp.

5.1.2.8 Dinkskrumme

Meyer en Theron (2000:50) dui aan dat dinkskrumme verwys na die strategie wat tydens vergaderings gebruik word om idees in te win. Dit sluit die volgende in naamlik:

- dat idees ingewin word rakende 'n betrokke kwessie en
- saamgroepering en ontwikkeling van idees plaasvind ten einde die kwessie(s) op te los.

Sien Meyer en Theron (2000: 50-63) vir aanvullende strategieë om gemeenskapsdeelname te optimaliseer, soos byvoorbeeld verkiesings, referendums, klagte registers, toegang tot die munisipale rekords, kontak met wyksraadslid, veldbesoeke en munisipale tentoonstellings.

Die volgende kontrolelys kan aangewend word om kommunikasiestyle te beïnvloed:

- As 'n rolspeler moet daar nie gelet word op eie doelwitte nie; dit gaan hier oor die gemeenskap en betrokke belange.
- Rolspelers moet onthou dat dit nie die doel is om probleme alleen op te los nie. Daar moet saam met die gemeenskap gewerk word aan probleemhantering.
- Besluite word nie vir die gemeenskap geneem nie-gemeenskapsdeelname is die sleutel.
- Dit sal raadsaam wees om te onthou dat geen beloftes gemaak moet word wat nie nagekom kan word nie.

5.2.2 BEMAGTIGINGS-MODEL

Hierdie model sluit direk by die kommunikasiemodel aan. Die volgende redes kan aangevoer word waarom hierdie model gemeenskapsdeelname optimaliseer. Bemagtiging handel oor die ontwikkeling van vaardighede wat selfvoorsienendheid en selfvertroue aan die individu verskaf. Soos in hoofstuk 3 (bladsy 39) aangedui, word programme aangebied om mense in te lig oor

cholera en die HIV-epidemie en watter effek dit op mekaar uitoefen. Hierdie programme bemagtig die individu met vaardighede wat hulle lewens kan red.

Die begeerte is dat die hele gemeenskap bemagtig moet word. Gevolglik word daar van die hele gemeenskap verwag om deel te neem. Die realiteit is dat dit onmoontlik is. Tydens die fokusgroep-sessies is daar afgelei dat vroue die meeste bydrae lewer. Plaaslike strukture en rolspelers moet aan die gemeenskap kommunikeer dat almal se deelname (mans en vroue) van belang is.

Soos in hoofstuk 4 (bladsy 49) aangedui, is ongeveer 15% van Wellington se inwoners werkloos. Plaaslike owerhede en relevante rolspelers moet aan die werklose gemeenskap kommunikeer dat die Wellington Gemeenskapsentrum hulle tot hulp kan wees. Hier word projekte soos tuinbou, houtwerk en naaldwerk geloods sodat 'n inkomste genereer kan word. Die gemeenskap kan van die gemeenskapsentrum se bronne gebruik maak en terselfdertyd nuwe vaardighede aanleer. Rolspelers en plaaslike strukture moet in ag neem dat 'n moontlike nie-deelnemende kultuur by die Wellington-gemeenskap mag voorkom. Die volgende kontrole-lys kan veral van hulp wees.

- Ontwikkeling is 'n mensgedrewe proses. Rolspelers moet seker maak dat wedersydse kommunikasie en gemeenskapsdeelname voorkom in enige werkwinkel of interaksie.
- Ontwikkeling is 'n leerproses en die gemeenskap moet in staat gestel word om hulle eie menslike en sosiale ontwikkeling te beplan en te implementeer.
- Wees geduldig en openbaar begrip vir die gemeenskap se sosiale agtergrond.

5.2.3 KOMMUNIKASIE-BEMAGTIGINGSMODEL

Die bogemelde elemente ontsluit komponente wat noukeurig deur die plaaslike strukture bestudeer moet word. Kommunikasie en bemagting sluit direk by

mekaar aan en kan deur die kommunikasie-bemagtigingsmodel as 'n meganisme aangewend word om gemeenskapsdeelname te optimaliseer. Plaaslike owerhede kan hierdie model gebruik om ontwikkelingsrelevante inligting aan die gemeenskap te kommunikeer, sodat die gemeenskap bemagtig kan word om self sosiale veranderinge aan te bring. Ander modelle, soos uitgelig in hoofstuk 3 (bladsy 33-39), is ook relevant en moet nie uit die oog verloor word nie. Die kommunikasie-bemagtigingsmodel dien as 'n holistiese model waar die relevante rolspelers en aanvullende modelle aangewend kan word om gemeenskapsdeelname te bevorder.

Hierdie model word deur aanbevelings gerugsteun wat noukeurig deur die betrokke strukture en rolspelers bestudeer moet word.

5.3 SAMEVATTING

Terugvoering van die fokusgroepe het aangedui dat die gemeenskap nie geweet het wat GOB behels nie. Daar is waargeneem dat die gemeenskap gemaksugtig is en aarsel om deel te neem. Dit kan toegeskryf word aan die verlies aan betekenisvolle meganismes om gemeenskapsdeelname te optimaliseer en is een van die probleme wat in die probleemstelling voorgehou word. Drie vrae word in die probleemstelling gestel naamlik,

- (1) Waarom is deelname gebrekkig?,
- (2) Watter deelname-model word in Wellington gebruik?
- (3) Watter deelname-model behoort gemeenskapsdeelname in Wellington te optimaliseer?

Die antwoorde soos volg lyk:

- (1) Dit blyk dat gemeenskapsdeelname gebrekkig is omdat die gemeenskap gemaksugtig is en daar beperkte meganismes bestaan wat gemeenskapsdeelname moet optimaliseer. Terugvoering van die fokusgroep-onderhoude het aangedui dat plaaslike owerhede ook nie genoeg doen om die plaaslike gemeenskap oor ontwikkelingsinisiatiewe soos GOB in te lig nie.

- (2) In 'n onderhoud met me L. Adams, 'n verteenwoordiger van die HOP, is daar aangedui dat daar veral gebruik gemaak word van Jeugforums en werksinkels ten einde gemeenskapsdeelname te optimaliseer. Die gemeenskap bestaan nie net uit die jeug nie, en die voorstel is dat daar gelet word op senior inwoners en veral vroue in Wellington. Aanvullend kan aangedui word dat Theron en Meyer (2001) se insette rakende meganismes om gemeenskapsdeelname te optimaliseer, bestudeer kan word.
- (3) Hier is 'n model voorgestel naamlik die kommunikasie-bemagtigingsmodel (dit moet saam met die aanbevelings gelees word). Verskeie meganismes soos fokusgroep-sessies, persoonlike besoeke aan die plaaslike owerhede is as meganismes voorgestel wat kan help om gemeenskapsdeelname te optimaliseer.

Hierdie elemente hang saam met die bewysbaarheid van die hipotese soos aangedui in hoofstuk 1. Die volgende hipotese word voorgestel naamlik dat *indien deelname nie bemagtigend is nie, gemeenskappe soos die Wellington-gemeenskap nie in GOB betrokke sal raak nie*. Met ander woorde, gemeenskapsdeelname sal geoptimaliseer word deur die deelname as bemagtigingsmodel. Die hipotese veronderstel dat die gemeenskap slegs in GOB sal deelneem indien hulle bemagtig word om in besluitneming deel te neem, indien hulle betekenisvol kommunikeer en indien hulle hulle eie lewens kan bestuur.

Die realiteit is dat die gemeenskap eers hul deelname-kultuur in ag moet neem voordat hulle kan deelneem en sodoende bemagtig kan word. Daar sal ook gelet moet word op hoe hulle hulself gaan uitdruk aangesien verskeie tale in Wellington gepraat word. Verskeie ander vrae moet deur die plaaslike owerheid beantwoord word naamlik, oor hoekom die gemeenskap nie deelneem nie, of dit te doen het met die persoon wat die programme aanbied, en of daar ook gelet moet word op die persoon se sosiale agtergrond.

Eers wanneer die vrae beantwoord is, kan alternatiewe planne gemaak word wat dit makliker vir die gemeenskap sal maak om deel te neem en om sodoende bemaagtig te kan word.

5.4 AANBEVELINGS

Tekens van gebrekkige gemeenskapsdeelname kom in Wellington voor. Die onderstaande aanbevelings kan gemaak word om hierdie probleme aan spreek.

5.4.1 Toeganklikheid van ontwikkelingsinisiatiewe

Ontwikkeling is 'n mensgedrewe proses en sluit alle rolspelersgroepe in die gemeenskap in. Dit beteken nie dat algehele inklusiwiteit voorkom by ontwikkelingsbeplanning nie. Respondente het aangevoer dat hulle gemarginaliseerd voel en dat plaaslike strukture (byvoorbeeld kerke, plaaslike organisasies, gemeenskapsentrums ens.) nie genoeg doen om gemeenskapsdeelname aan te moedig nie. Die laaste argument is nie altyd die geval nie. Die situasie mag bestaan dat die plaaslike owerheid die nodige maatreëls tref om die deelname-proses te bevorder, maar dat die gemeenskap nie oor die nodige bronne beskik om openbare vergaderings en werkswinkels by te woon nie.

Hierdie probleem kan aangespreek word deur die beskikbaarstelling van vervoer vir die gemeenskap, en om tydelike skedulering van werkswinkels en openbare vergaderings te bewerkstellig. Die gemeenskap se werks- en huishoudelike situasie en spesiale behoeftes moet aandag geniet byvoorbeeld persone wat nie kan lees of skryf nie, of mense met gestremdhede en ander benadeelde groepe.

5.4.2 Mobilisering van die gemeenskap

Betekenisvolle strukture word benodig om gemeenskapsdeelname te optimaliseer. Gemeenskapsdeelname hang saam met die mobilisering van die

gemeenskap in legitieme strukture, wat saam met die plaaslike owerheid kan werk om die breër gemeenskap te bevredig.

5.4.3 Relevante vaardighede

Een van die verklarings van die konsep "gemeenskap" (hoofstuk 1, bladsy 9-11) dui aan dat die konsep verskeie waardes en persepsies insluit. Openbare amptenare beskik nie altyd oor die nodige vaardighede om benadeelde groepe se situasie en begeertes effektief te interpreteer nie. Die plaaslike owerheid moet seker maak dat die relevante amptenare saam met die gemeenskap werk en die gemeenskap ondersteun. Verdraagsaamheid moet getoon word sodat die begeertes en verwagtinge van die gemeenskap aangespreek kan word.

Die begeertes en verwagtinge van die gemeenskap kan aangespreek word deur middel van die volgende elemente naamlik:

- 'n Spoedige skriftelike en of mondelinge reaksie op mededelings;
- Inligting van die gemeenskap oor besluite wat deur die plaaslike owerheid geneem sal word en
- 'n Gereelde openbaarmaking van die plaaslike owerheid se stand van sake.

5.4.4 Demokratiese grondwet en wetgewende beginsels

As gevolg van gebrekkige gemeenskapsdeelname word plaaslike owerhede verplig om besluite namens die gemeenskap te neem. Sulke besluitneming ontsluit nie die gemeenskap se begeertes nie en dit kan betekenisvolle veranderinge kniehalter. Die ontwikkelingsproses word gesteun deur 'n demokratiese grondwet en wetgewende beginsels en dit sal raadsaam wees om hierdie dokumente deeglik te bestudeer. So 'n oefening dien as bewys vir openbare amptenare dat wetgewende beginsels prakties toepassingsmoontlikhede openbaar.

Plaaslike owerhede moet ingevolge die relevante beleidsraamwerke optree en daar moet veral seker gemaak word dat die munisipaliteit inligting aan die gemeenskap weergee rakende die beskikbare meganismes, prosesse en prosedures vir optimalisering van gemeenskapsdeelname.

Wanneer inligting deurgegee word moet die plaaslike owerheid die taalvoorkeure en gebruike in ag neem en die spesiale behoeftes van mense wat nie kan lees of skryf nie moet in ag geneem word.

5.4.5 Konkrete beleid rakende gemeenskapsdeelname

Foutiewe interpretasie van die gemeenskap se behoeftes gee aanleiding tot foutiewe formulering en implementering van ontwikkelingsprogramme en projekte. Volgens wetgewing is dit belangrik dat die plaaslike owerheid beskik oor 'n konkrete beleid rakende gemeenskapsdeelname wat in medewerking met die gemeenskap saamgestel moet word. So 'n beleid kan geraadpleeg word wanneer 'n deelname-model geïmplementeer moet word.

Volgens die betrokke wetgewende raamwerk is dit belangrik (Munisipale Stelselwet 2000) dat 'n beleid rakende gemeenskapsdeelname vir die volgende aspekte voorsiening maak, naamlik:

- Wat gemeenskapsdeelname in Wellington behels;
- Wat die regte en pligte van die plaaslike gemeenskap is;
- Mededeling van inligting rakende gemeenskapsdeelname, byvoorbeeld hoe waar en wanneer inligting bekom kan word.

5.4.6 Betekenisvolle bemagtiging van die gemeenskap

Betekenisvolle kommunikasie is 'n belangrike element in die ontwikkelingsproses. Hierdie kommunikasie moet aanleiding gee tot die bemagtiging van die gemeenskap. Kapasiteitsbou-programme en projekte moet aanleiding gee tot nuwe moontlike en vaardighede sodat 'n inkomste gegenerer kan word (sien kommunikasie-model p63-68).

5.4.7 Verduidelik die inhoud van konsepte, programme en projekte

Respondente het aangedui dat hulle nie GOB begryp nie. Komplekse konsepte, programme en projekte moet so verduidelik word dat die gemeenskap verstaan wat van hulle verwag word en wat dit vir die gemeenskap sal beteken. Mense moet ingelig word oor die inhoud van konsepte, beleide, programme en projekte deur gebruik te maak van byvoorbeeld fokusgroep sessies, dinkskrums en wykkomitees.

5.4.8 Opleiding van openbare amptenare

Dit blyk dat openbare amptenare ook nie genoeg weet omtrent GOB nie. Plaaslike owerhede moet seker maak dat kort kursusse of werkswinkels aangebied word sodat die amptenare aan nuwe konsepte, programme en projekte bekend kan word. Dit sal hulle bewus maak van die gebied se gebreke of vooruitgang en waar hulle inpas om verdere sosiale veranderinge te weeg te kan bring.

Die aanbeveling is dat nasionale regering gereelde opleidingsprogramme, werkswinkels en seminare aanbied sodat plaaslike amptenare op hoogte gehou kan word van die nuutste ontwikkelinge.

5.4.9 Beleidsimplikasies rakende gemeenskapsdeelname

Dit blyk dat meganismes om gemeenskapsdeelname te optimaliseer nie so duidelik in wetgewing uitgedruk word nie. Die apokriewe hantering van meganismes om gemeenskapsdeelname te optimaliseer skep die indruk dat dit van sekondêre belang is. Beleidsdokumente sal verander moet word sodat die belangrikheid van meganismes om gemeenskapsdeelname te optimaliseer as primêre noodsaaklikheid uitgedruk kan word.

5.4.10 Munisipale beplanning in samewerkende regering

Soos aangedui maak Wellington deel uit van die Drakenstein Munisipaliteit. Die voorstel is dat die geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning in lyn met die

geaffekteerde afdelings soos Hermon en Saron moet geskied, sodat die breë ontwikkelingsdoel bereik kan word.

5.5 SLOTOPMERKINGS

In hoofstuk 1 is die konsepte gemeenskap, deelname, gemeenskapsdeelname en geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning bestudeer. Daar is waargeneem dat die konseptualisering van hierdie konsepte kompleks is. Die konsep *gemeenskap* kan gesien word as 'n groep mense wat hulself binne die geografiese Wellington-area bevind. Hier moet in gedagte gehou word dat die konsep uiteenlopende en ooreenstemmende waardes en behoeftes insluit.

Ten einde die konsep gemeenskapsdeelname te konseptualiseer is daar gelet op verklarings van respondente soos uitgebeeld in die fokusgroep-onderhoude. Volgens die respondente dui gemeenskapsdeelname op die samekoms en saamwerk van die gemeenskap.

Geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning soos voorgehou in relevante wetgewings verwys na die proses waar plaaslike owerhede hulle ontwikkelingsrol vervul sodat ruimtelike, sosiale en ekonomiese fragmentasie aangespreek kan word. GOB verwys na die holistiese beplanning waar die belange van verskeie sektore en die gemeenskap in ag geneem word.

In hoofstuk 2 is daar waargeneem dat beplanning voorskriftelik was: dit was rigiede beplanning wat op die gemeenskap afgedwing is. Daar is gevolglik wegbeweeg van die tipe bloudruk-beplanning.

Daar moet gelet word op modelle om gemeenskapsdeelname te optimaliseer, deelname as kommunikasie, as beïnvloeding, as eksploitasie, as betrokkenheid en as bemagtiging. Voorbeelde binne die Wellington-konteks is gebruik.

In hoofstuk 4 word die Wellington-gevallestudie (afdeling in die Drakenstein-Munisipaliteit) breedvoerig bespreek. Soos reeds aangedui is die gemeenskap kompleks van aard en word dit gedefinieer as groepe wat hulleself binne die geografiese Wellington-area bevind. Dit is in ag geneem toe die Wellington-gemeenskap ter sprake gekom het.

Respondente is in twee fokusgroepe verdeel naamlik 18 tot 35 en 35 en ouer. Terugvoering het aangedui dat:

- 'n beperkte siening oor gemeenskapsdeelname bestaan;
- die konsep geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning verdere verduideliking benodig;
- die gevoel bestaan dat indien die *beplande GOB-proses* toegepas word sal die gemeenskap hierby baat kan vind;
- alhoewel die gemeenskap begryp dat niks sonder eie inisiatief geslaagd sal wees nie, en dat gemeenskapsdeelname die sleutel komponent is, is hulle gemaksugtig;
- daar waargeneem is dat die 35 en ouer groep bevredigende samewerking gegee het nadat die skaal aangebied was;
- laastens waargeneem is dat verwarring bestaan oor wat die rol van die gemeenskap en die plaaslike owerheid is ten opsigte van die ontwikkelingsproses.

Vanuit die onderhoude is daar waargeneem dat beperkte meganismes bestaan om gemeenskapsdeelname te optimaliseer. In hoofstuk 5 word die kommunikasie-bemagtigingsmodel voorgehou as 'n model om gemeenskapsdeelname te optimaliseer. Hierdie model word aangevul deur aanbevelings.

In die werkstuk word aangedui dat ontwikkelingsbeplanning veronderstel is om integrerend te wees. Daar word beweeg in 'n rigting waar die klem val op die behoeftes en samewerking van die breë gemeenskap. Dit is waar GOB inskakel. GOB verwys na 'n holistiese beplanning waar 'n transformasie in plaaslike owerhede teweeggebring word sodat gemeenskapsdeelname kan

uitbrei. Ten einde GOB te laat slaag, word daar van die plaaslike owerheid verwag om te let op die relevante wetgewende raamwerke.

GOB word tans (2000) in Wellington geïmplementeer. Daar word van die gemeenskap verwag om deel te neem, maar soos die fokusgroep-onderhoude aandui, is die gemeenskap gemaksugtig en verwag hulle dat aktiwiteite vir hulle geloods moet word. Daar word waargeneem dat die gemeenskap tog wil deelneem, maar dat hulle nie weet waar hulle moet inskakel nie. Hier is gevolglik nuttige aanbevelings gemaak wat deur die plaaslike owerhede en die gemeenskap gevolg kan word.

Na die plaaslike owerheidsverkiesing (2000) het Wellington en naasliggende plaaslike owerhede (soos Hermon en Franschoek) saamgesmelt en staan dit bekend as die Groot Drakenstein Munisipaliteit. Wellington funksioneer nie meer op sy eie nie en die vrees bestaan dat die gebied sy karakter kan verloor.

'n Area wat verdere studie uitlok, is watter modelle geïmplementeer sal word om by die verskeie areas te pas. Tyd is hier 'n belangrike faktor wat aanleiding gee tot die volgende vraag: Hoe sal gemeenskapsdeelname geoptimaliseer kan word in die afwesigheid van nodige fondse?

BIBLIOGRAFIE

BOEKE EN ARTIKELS

Agarwala R 1983: **Planning in Developing Countries: Lessons of the Experience**. No 576. The World Bank, Washington DC, USA.

Ayittey GBN 1994: "The Failure of Development Planning in Africa" in Boettke PJ **The Collapse of Development Planning**. New York University Press, New York.

Balogun MJ 1998: "The Role of Governance and Civil Society in Africa's Development: A critical Review. in **Regional Development Dialogue**. Vol. 19, No. 2, pp 32-39.

Blair H 2000: "Participation and Accountability and the Periphery: Democratic Local Governance in Six Countries" in **World Development**. Vol. 28, No. 1, pp 21-35.

Brynard PA & Hanekom SX 1997: **Introduction to Research in Public Administration and Related Academic Disciplines**. Van Schaik, Pretoria.

Bless C & Higson-Smith C 1995: **Fundamentals of Social Research Methods: An African Perspective**. Juta, Cape Town.

Burkey S 1993: **People First: A Self-Reliant, Participatory Rural Development**. Zed Books, London, New York.

Cesar N & F Theron 1999: "Assessing Attitudes and Perceptions on Intergrated Development Planning: The Case of Stellenbosch" in **Administratio Publica**, Vol.9, no 2 pp 56

Chambers R 1983: **Rural Development: Putting the Last First**. Longman Scientific & Technical, London.

Chambers R 1997: **Whose Reality Counts? Putting the First Last.** IT Publishing, London.

Coetzee JK (ed) 1986: **Development Is For People.** Macmillan South African (Publishers) (Pty) Ltd. , Johannesburg.

Conyers D & P Hills 1990: **An Introduction to Development Planning in the Third World.** John Wiley & Sons, Chichester.

Cook J 1997: "Empowering People For Sustainable Development" in Fitzgerald P (ed) **Managing Sustainable Development in South Africa.** Oxford University Press, Cape Town.

De Beer F & E Swanepoel 1998: **Community Development and Beyond: Issues, Structures and Processes.** JL van Schaik, Pretoria.

De Klerk A 1998: **The Application of Environmental Management in Planning.** MPA-Tesis, University of Stellenbosch, Stellenbosch.

Department for Constitutional Development 1997: **Integrated Development Planning for Local Authorities: A User-Friendly Guide.** CTP Book Printers. Cape Town.

Drakenstein Munisipaliteit-Nuusbrief 2000: Julie

Eskom 1996: **A to Z: The Decision Maker's Encyclopedia of South African Consumer Market.**

Esman MJ 1991: **Management Dimensions of Development Perspectives and Strategies.** Kumarian Press, Connecticut.

Foundation for Contemporary Research 2001: **Community Participation in Integrated Development Planning: A Case Study Guidebook For Councillors, Officials and Development Practitioners.** Foundation for Contemporary Research, Cape Town.

Goodwin BJ 1994: **Die Aard en Omvang van Geïntegreerde Omgewingsbestuur Binne die Konteks van Stads- en Streeksbeplanning.** MPA-Tesis, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Heymans C 1990: "Local Government" in **Cape Rural Development Workshop.** Urban Foundation, University of Western Cape. pp 4-12

Herstellende Geregtigheid Projek, Frekwensie Tabele van Opname van Wellington. 1999 European Union Foundation and Human Rights en Wellington Plaaslike owerheid.

Integrated Development Planning-manual 1998: (a) at <http://www.undp.org/docs/reprts/local/psd.2html>

Integrated Development Planning-manual 1998: (b) at <http://www.undp.org/docs/reprts/local/psd.2html>

Integrated Development Framework Spatial Plan: 2000. Winelands, Paarl.

Ismail N et al 1997: **Local Government Management.** International Thomson Publishing (Southern Africa) (Pty) Ltd, Johannesburg.

Jeppe WJO 1986: **Landelike Ontwikkeling in Derde Wêreldlande.** Gutenberg Boekhandelaars, Pretoria-Wes.

Kotze DA 1997: "Successive Approach to Development Administration and Management" in Kotze DA (ed) **Development Administration and Management- a Holistic Approach.** Van Schaik, Pretoria.

Kotze DA & GEJ Kellerman 1997: "Participation and Managerial Approaches to Development" in Kotze DA (ed) **Development Administration and Management- a Holistic Approach**. CTP Book Printers, (Pty) Ltd, Parow, Cape Town.

Kotze DA & HJ Swanepoel 1983: **Guidelines for Practical Community Development**. Promedia Publications, Silverton.

Liebenberg AL 1998: **Integrated Development Planning: Applying The Theory in Worcester**. MPA-Thesis, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Mentz JCN & GEJ Kellerman 1997: "The Bureaucracy" in DA Kotze (ed) **Development Administration and Management: A Holistic Approach**. CTP Book Printers, (Pty) Ltd, Parow, Cape Town.

Meyer I & F Theron: "International Manila Declaration on People's Participation and Sustainable Development" in **Workbook: Public Participation in Local Government: A Framework for action**, edited by Rene Oosthuizen. Bellville: School of Public Management, University of Stellenbosch, Stellenbosch.

Murphy B 1990: "Illusion of Community Development" in Buller H & S Wright (ed) **Rural Development: Problems and Practices**. Avebury Aldershot, London.

Nieuwoudt AJ 1991: **Publieke Deelname in die Beplanningsproses met Spesiale Verwysing na die Stellenbosch Struktuurplan**. MPA-Tesis, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Oakley P et al. 1991: **Projects With People: The Practice of Participation in Rural Development** International Labour Office, Geneva.

Paarl Post 2000: 21 Maart.

Provinsiale Administratief Wes-Kaap 1995.

Paul S 1987: **Community Participation in Development Projects: The World Bank Experience.** The World Bank, Washington.

Urban Sector Network (USN) 1998: **Development Local Government in South Africa: A Handbook for Urban Councillors and Community Members.** Aloe Communications, Braamfontein.

Ramphela M 1993: **A Bed Called Home.** David Philip, Cape Town.

Rondinelli DA 1993: **Development Projects as Policy Experiments: an Adaptive Approach to Development Administration.** Routledge, London.

Swanepoel H 1992: **Community Development. Putting Plans into Action.** Juta & Co., Cape Town.

Schutte D 2000: **Methods of Collecting Data, Sampling and Data Sampling: Course Outline.** Bellville Park Campus, Bellville.

Steward F 1985: **Planning to Meet Basic Needs.** Macmillan South Africa (Publishers) (Pty) (Ltd), Johannesburg.

Taljaard JD 1997: **Van Ontwikkeling tot Gemeenskapsontwikkeling: 'n Toegepaste Etiese Onderzoek.** MPA-Tesis, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Theron F & D Barnard 1997: "Participation and Development Planning" in Liebenberg FS & P Stewart (eds) **Participatory Development Management and the RDP.** Juta & Co., Cape Town.

Theron F & J Burger 1997: "Development Management: A Post-Modern Perspective" in **Administratio Publica**, Vol 8 No 1: June pp 1-23.

Theron F & AL Liebenberg 1997: "Exploring the Myths of Community Development: A Call For a New Approach" in **Administratio Publica**, Vol 8 No 2: December pp 28-41.

Treurnicht SP 1997: "Indigenous Knowledge Systems and Participatory Learning and Action" in Kotze DA (ed) **Development Administration and Management- a Holistic Approach**. Van Shaick, Pretoria.

Wellington Munisipaliteit Jaarverslag van die Gesondheidsdepartement: 1999. Gesondheidsdepartement, Wellington.

Wellington Plaaslike Owerheid Nuusbrief: Julie, 2000.

Wynland Distrikraad Paarl Verteenwoordigers Gebiede Projekspan: 1999. Wynland Distrikraad, Paarl.

Winelands Integrated Development Framework Spatial Plan: 2000. Winelands, Paarl.

Wynland Distrikraad Paarl VOR: 1999. Distrikraad, Paarl.

SUID-AFRIKAANSE BELEIDSDOKUMENTE

Republiek van Suid-Afrika 1966: **Groepsgebiede Wet.** Staatspublikasies, Kaapstad.

Republiek van Suid-Afrika 1976: **Finansiële Verhoudingswet.** Staatspublikasies, Kaapstad.

Republiek van Suid-Afrika 1982: **Blanke Plaaslike Owerhede.** Staatspublikasies, Kaapstad.

Republiek van Suid-Afrika 1982: **Swart Plaaslike Owerhede.** Staatspublikasies, Kaapstad.

Republiek van Suid-Afrika 1986: **Provinsiale Regeringswet.** Staatspublikasies, Kaapstad.

Republic of South Africa 1993: **Local Government Transition Act.** Government Publication, Cape Town.

Republiek van Suid-Afrika 1994: **Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP).** Staatspublikasies, Kaapstad.

Republiek van Suid-Afrika 1995: **Ontwikkelingsfasiliteringswet.** Staatspublikasie, Kaapstad.

Republiek van Suid-Afrika 1996: **Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika** (108 van 1996). Staatspublikasies, Kaapstad.

Republic of South-Afrika 1996: **Growth, Employment and Redistribution (GEAR).** Government Publication, Cape Town.

Republiek van Suid-Afrika 1997: **Behuisingswet.** Staatspublikasies, Kaapstad.

Republiek van Suid-Afrika 1997: **Wet op Basiese Diensvoorwaardes.** Staatspublikasies, Kaapstad.

Republic of South Africa 1997: **Water Service Act.** Government Printer, Cape Town.

Republic of South Africa 1997: **White Paper on Social Welfare** at http://www.polity.org.za/govdocs/white_paper

Republic of South Africa 1997: **Rural Development Framework**. Government Printer, Cape Town.

Republic of South Africa 1998: "Integrated Development Planning" in **Planact**. Government Printer (<http://www.polity.org.za>).

Republic of South Africa 1998: **White Paper on Local Government**. Government Publications (http://www.polity.org.za/govdocs/white_papers).

Republic of South Africa 1998: **Masakhane Case Studies: Annual Award Winners**. Government Printer, Cape Town.

Republic of South Africa 1998: **Municipal Structures Act**. Government Printer, Cape Town.

Republic of South Africa 1998: **Transformation of Certain Areas Act**. Government Printer, Cape Town.

Republic of South Africa 1999: **Western Cape Planning and Development Act**. Government Printer, Cape Town.

Republic of South Africa 2000: **White Paper on Municipal Service Partnerships (MSP's)** Notice 1689 at http://www.polity.org.za/govdocs/white_papers

Republiek van Suid-Afrika: 2000 **Munisipale Stelselwet**. Staatspublikasies, Kaapstad.

NUUSPROGRAMME

SAUK en E-tv Nuusprogram, 28 September 2000, 12 Januarie 2001.

ONDERHOUDE

Adams L, HOP-verteenwoordiger. 20 Oktober 2000.

Mc Carthey S, Plaaswerker. 16 Oktober 2000.

Van Heerden E, HOP-verteenwoordiger. 17 Oktober 2000.

Williams N, Plaaswerker. 16 Oktober 2000.

E-POS:

Schutte D: Wetenskaplike Navorsers, te unisearch@mweb.co.za

RELEVANTE LITERATUUR GENADER (MAAR WORD NIE DIREK IN DIE WERKSTUK INGESLUIT NIE)

Bryant C & White LG 1984: **Managing Rural Development with Small Farmer Participation**. Kumarian Press, Connecticut.


Hanekom X 1988: "Why Local Government Matters" in Heymans C & G Tötemeyer (eds.) **Government By The People**. Juta & Co., Cape Town.

Jain LC et al. 1985: **Grass Without Roots: Rural Development Under Government Auspices**. Sage Publishing, New Delhi.

Tamasane TA 1998: **Community Empowerment Through Participation: A South African Small Town Case Study**. MPA-Tesis, University of Stellenbosch, Stellenbosch.

Theron F 1999: **Ontwikkelingsteorie: Klasnotas**. Bellville-Park Kampus, Universiteit van Stellenbosch, Bellville.

BYLAE A: VOORMALIGE WELLINGTON MUNISIPALITEIT-NUUSBRIEF



2000/1

Julie/July 2000

Historic Budget: Last one for Wellington

THIS year's budget is the last one to be compiled by the Council in its current form, as the whole process of transformation of local governments is practically completed and it is already common knowledge that Mr Pagan and Paul are to undertake for future purposes securing of Town Treasurer, Finance Officer and was attempted to make the budget process as inclusive, but at the same time is complicated as possible. Various role players were invited to submit proposals and input into the process. However the local C.M.P. Council was not able to agree on the final budgetary proposals which allowed them to move on for the process.

- Council had decided that the following criteria would be decisive in compiling the budget:
- What Council budgets must be affordable to Wellington's residents
- The budget should be aimed at improving the living and health of a large group of residents who find it difficult to make ends meet
- The projects for a rich local budget if its capital budget must be of a nature that would allow a low inflation
- The maintenance of the existing infrastructure roads, electricity and water networks, sidewalks, parks, etc. which are expensive to maintain, as well as the expansion of the areas of town, especially in the depressed areas, where a higher network standard is vital if it was also agreed that the following aspects would enjoy priority:
- These capital projects to which Council is highly committed
- Providing financing which is one of the main purposes of the Wellington local government budget, however the new projects will be financed due to restrictions imposed by the Finance
- The great majority of the income of the town's residents is

Tariefverhogings lyk in 2000/2001 só

- Alle besikhouersbeskuldigings word met 5,0% verhoog.
- Nul-oversyfering word met 9,2% verhoog.
- Die tarief vir rolwag stig met 2,02%.
- Die basiese water tarief word met 2% verhoog.
- Die tarief vir waterverbruik stig met 2,5%.

dat 'n man en vrou tot 50 was wat oorspronklik betaal, dit permanent bewoon en spesifiek tussen R0 en 2600 per maand swelien, vir 'n korting van 40% in aanrekening kom en dit man en vrou wat tussen R600 en R2000 per maand betaal, sal 'n korting ontvang van 10% gebrek en hul inkomste sal bewoont, 5000000 sal ingeswende uitdrukkings k.w.m. (meer in omtrent 2000

Die uitwerking wat die onderstaande tabelverhogings op die deur te belasingsbetalers gaan lê, word betoënder deur die tabelle van enkele, wettelike huishoudings regoor die dorp, getoon. In al die voorleëde wat versitrek word, is die huidige maandelikse rekening as basis geneem. Die nuwe tariewe wat van 1 Julie sal geld, versitrek.

Verbruiker No 1: Robinson

Diens	Verbruik	Tarief	Nuwe Tarief	Keuse	Versteek	% Versteek
Bekasning	R2500,00	0,00970	0,0112300	301,55	229,45	25,10
Water- Basiese	00	12,07	12,07	0,00	0,00	0,00
Water- Verbruik	101,00	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00
Water- Basiese	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00	0,00
Water- Verbruik	415,00	1,00	1,00	415,00	415,00	0,00
Water- Verbruik	1,00	12,07	12,07	12,07	12,07	0,00
Totaal				728,55	544,45	25,10

Verbruiker No 2:

Diens	Verbruik	Tarief	Nuwe Tarief	Keuse	Versteek	% Versteek
Bekasning	R4000,00	0,00970	0,0112300	392,55	300,00	25,34
Water- Basiese	1,00	12,07	12,07	12,07	12,07	0,00
Water- Verbruik	51,00	1,00	1,00	51,00	51,00	0,00
Water- Basiese	1,00	12,07	12,07	12,07	12,07	0,00
Water- Verbruik	51,00	1,00	1,00	51,00	51,00	0,00
Water- Verbruik	1,00	12,07	12,07	12,07	12,07	0,00
Totaal				418,64	366,14	25,67

Verbruiker No 3:


Diens	Verbruik	Tarief	Nuwe Tarief	Keuse	Versteek	% Versteek
Bekasning	R3500,00	0,00970	0,0112300	342,55	250,00	25,84
Water- Basiese	1,00	12,07	12,07	12,07	12,07	0,00
Water- Verbruik	22,00	1,00	1,00	22,00	22,00	0,00
Water- Basiese	1,00	12,07	12,07	12,07	12,07	0,00
Water- Verbruik	22,00	1,00	1,00	22,00	22,00	0,00
Water- Verbruik	1,00	12,07	12,07	12,07	12,07	0,00
Totaal				378,64	296,14	25,84

KAPITAALBESROFFING 2000/2001
 In die bylae van die Bylae A, verskyn die verbruikers wat behalwe die rolwag, beskikbaar is vir 'n kapitaalprojek. In die Bylae A, verskyn die projek wat die rolwag beskikbaar is vir 'n kapitaalprojek. Die Bylae A, verskyn die projek wat die rolwag beskikbaar is vir 'n kapitaalprojek. Die Bylae A, verskyn die projek wat die rolwag beskikbaar is vir 'n kapitaalprojek.




Stadsmeester Thorne Barnard en Stadsbestuurder Jacques van der Merwe

BYLAE B; KAART1: LIGGING VAN WELLINGTON BINNE DIE BOLAND-STREEK




BRON: KAAPSE METROPOOL-GIDSPLAN (1988)

BYLAE C, KAART 2: LIGGING VAN WELLINGTON BINNE DIE WYNLAND DISTRIKSRAAD



BYLAE D; KAART:3 GEOGRAFIESE GRENSE VAN DORPE IN WELLINGTON



DORPE IN WELLINGTON

A=Peyton Place, Kleurlingbewoners

B=Carterville, Kleurling en Swartbewoners

C= Wellington sakekern en omringende gebiede, Blanke inwoners

D= Berg en Dal gebied, Veelrassige gebied

BYLAE E: SEKTORE AS BELANGRIKE VERTREKUNTE GEONDRSKEI

Natuurlike omgewing

Een van die sentrale temas wat na vore gekom het, is die stand van besoedeling van natuurlike bronne soos riviere in die streek. Veral plaaswerkers het hul erns uitgespreek oor die feit dat rivierwater wat vir huishoudelike doeleindes in plaaswerkerhuise aangewend word, nie voldoende gesuiwer word nie en dat dit ernstige gesondheidsrisiko's vir die gemeenskap inhou. Verskeie aktiwiteite op plase veroorsaak dat water uit riviere nie vir huishoudelike gebruik aangewend kan word nie, soos bv. die afvloei van varkmis, wat vir bemesting gebruik word, storting van vullis in en langs die riviere ens. Dit is veral swak beplande infrastruktuur op plase wat ook tot 'n groot mate bydra tot die besoedeling van die onmiddellike omgewing van plaaswerkers, soos riooluitvloei.

Op sommige plase is die nie-afgebakende stortingsterreine vir huishoudelike vullis aanliggend tot plaaswerkershuise. Kinders van die werkersgemeenskap speel in vuil water en vullishope wat weereens 'n gesondheidsgevaar skep. Daar is kommer uitgespreek dat landbou-gifstowwe vir bespuitingsdoeleindes by 'n dam gemeng word en dat die gifstowwe drinkwater besmet. Bogemelde probleme word ondervind op privaatplase, en werkers voel dat daar nie voldoende beheer uitgeoefen word om veilige en gesonde omstandighede te skep. 'n Verdere opmerking is gemaak dat 'n gebrek aan eienaarskap onder plaaswerkers veroorsaak dat sulke persone geen trots vir hul eiendom toon nie dat hulle nie baie doen om na die toestand van die omgewing om te sien nie.

Eksterne faktore dra by tot die besoedeling van die omgewing, soos individue en instansies wat onwettig vullis langs paaie stort. Respondente het aangedui dat geen beheer hieroor uitgeoefen word nie, nieteenstaande wette wat bestaan wat dit verbied. Daar is 'n persepsie by respondente dat nywerhede in die stedelike sentra wat teen riviere geleë is, rivierwater besoedel wat uiteindelik die landelike gebiede bereik. In die Simondium-area

vind lugbesoedeling plaas as gevolg van die vrylating van swaelgasse deur inmaakfabrieke in die omgewing, tot so 'n mate dat individue gevolglike velirritasies fisies kan aanvoel.

'n Sentrale tema wat na vore gekom het, is dat inwoners van die landelike gebiede wel verkies om daar te woon en werk, aangesien dit 'n *gesonde* klimaat en 'n onbetwisbare natuurskoon bied. Die landboubedryf word gesien as 'n integrale deel van die natuurlike omgewing wat self tot die unieke natuurskoon bydra. Water is geredelik beskikbaar en kan daar steeds vanuit riviere besproei word. Die natuurlike omgewing word ook gesien as een van die belangrikste bates van die streek, aangesien dit wêreldwyd bekend is en toerisme na die area lok.

Dit is ook dikwels toeriste wat hulself aan rommelstrooiing skuldig maak-'n probleem wat moontlik aangespreek kan word deur die voorsiening van meer geriewe en fasiliteite spesifiek vir toeriste. Daar word kommer uitgespreek dat daar geen omvattende bewaringsplan vir die inheemse fauna en flora bestaan nie en dat sensitiewe plantegroei vinnig uitgeroei word deur onsensitiewe landbou-aktiwiteite, soos die verbouing van wingerde teen die berghange. Respondente is dit eens dat daar 'n gebrek aan opvoeding by mense bestaan aangaande die belangrikheid van die bewaring van sensitiewe spesies, wat dus 'n voorkombare situasie verteenwoordig.

Landbou

Dit het duidelik na vore gekom dat die ekonomie van die streek nie afsonderlik van die landboubedryf bevoordeel kan word nie en dat die toestande in die sektor die lewenskwaliteit van 'n groot gedeelte van die bevolking beïnvloed, aangesien die grootste meerderheid van die landelike bevolking in die landboubedryf werksaam is. Veral by die boeregemeenskap is kommer uitgespreek oor die negatiewe invloed wat die vereistes van die nuwe arbeidswet en verhoogde inset en leningskoste op landbou het.

Vir baie het 'n situasie ontstaan waar landbou byna nie meer winsgewend is nie en 'n algemene negatiewe gevoel bestaan rondom die toekoms van die bedryf indien daar nie dringend intensiewe hulp vir die bedryf vanaf die regering ontvang word nie.

Plaaswerkers het die opmerking gemaak dat boer-werkerverhoudings in die bedryf baie swak. Dit wil voorkom of 'n negatiewe gesindheid by albei partye jeens mekaar bestaan. 'n Gebrek aan kommunikasiekanale kan moontlik hiervoor blameer word. Die kwessie van die toestand van behuising vir die werkers op plase het weereens onder 'n bespreking van hierdie sektor na vore gekom. Die meerderheid werkers voel dat behuising op plase sub-standaard is. Die aspek word meer volledig onder die sektore Behuising en Infrastruktuur behandel. 'n Behoefte wat deur werkers ondervind word, hou verband met minimale lone wat ontvang word. Dit veroorsaak dat geen vaste bates bekom kan word nie, en lewenstandaard laag bly.

Dit word beklemtoon dat die landbousektor huidiglik gebuk gaan onder 'n nuwe tendens van die onderverdeling van plase in kleiner eenhede met die doel om te verkoop. Plase word vervolgens te klein en bestaan daar minder moontlikheid vir lewensvatbare vebouing van plase.

Menslike hulpbronne

'n Sentrale vraagstuk rondom menslike hulpbronne is die tekort aan geleenthede vir die opleiding van volwassenes en plaaswerkers in 'n ambag of vaardigheid. Geletterdheidsprogramme soos ABET- opleiding is aan die gemeenskap gebied, maar in sommige gevalle het dit ten einde geloop weens 'n gebrek aan belangstelling. Die gemeenskap voel dat sulke programme in terme van volwasse geletterheid wel noodsaaklik is. Dit is genoem dat Boland Landbouskool wel landboukursusse aan plaaswerkers bied, maar werkers kan dit nie self bekostig nie, en boere is huiwerig om sulke koste aan te gaan.

Boere dui aan dat werkers in 'n gevorderde ouderdom is en dat jong werkers die plaas kan verlaat.

Landelike nedersettings

Die kwessie rondom landelike en dorpnedersettings het die aandag gevestig op die persepsie van die landelike gemeenskap oor toestande in bestaande nedersettings en behoeftes van die inwoners daarvan. Dit hang veral nou saam met behuisingsaangeleenthede vir die plaaswerkers en die rol wat sulke nedersettings in landbou speel.

'n Algemene gevoel bestaan by die gemeenskap dat bestaande nedersettings 'n oplossing kan bied vir die probleem van behuisingsvoorsiening aan plaaswerkersgemeenskap, in die opsig dat dit meer koste-effektief sal wees om dienste en infrastruktuur aan sulke gemeenskappe te voorsien as die huidige situasie waar plaaseienaars self die onkoste moet dra.

Daar is 'n gebrek aan 'n omvattende behuisingstrategie by klein nedersettings. Streng beheermaatreëls moet toegepas word om ontwikkeling wat plaasvind te dwing om simpatiek met die omgewing te geskied.

Behuising en Gemeenskapsfasiliteite

Die oorhoofse tema wat hierdie sektor domineer, is die dringende behoefte aan bekostigbare behuising vir die grootste gedeelte van die Paarl VOR landelike bevolking. Sommige mense wat meer as twee dekades gelede per wagglyf aansoek gedoen het om behuising, het aangedui dat onlangse immigrante van behuising voorsien word. Die behuisingsprojekte wat wel onderweg is, soos op Hermon en Philadelphia neem lank aangesien probleme met die verkryging van grond vanaf privaateienaars en staatsinstellings ondervind word.

Wat gemeenskapsfasiliteite betref, is aangedui dat gereelde besoeke van die mobiele kliniekdiens moet voorkom. Nooddienste soos polisie en brandweerdienste is veral naweke sloerend en moet ook hierna gekyk word. Openbare telefoongeriewe, vervoer na dorpbiblioteek, formele en toegeruste

sportfasiliteite en ontspanningsfasileite is ook gebrekkig. Daar moet gelet word op die onderontwikkelde situasie van sporttipes soos rugby en krieket.

Toerisme

Hier is daar veral aangedui dat gebrek aan oornag- en toeristefasiliteite bestaan. Daar is verder ook kommer uitgespreek oor gebrekkige bemarkingsinisiatiewe van spesifieke areas soos byvoorbeeld die Groenberg-gebied. In die Franschoek landelike area ondervind grondeienaars probleme met gebrekkige plasing van naamborde en rigtingwysers op hoofverkeerroetes ten einde toeriste na landelike gebiede te bring. Die slegte toestand van grondpaaie word ook as nadelig vir toerisme beskou.

Ekonomiese ontwikkeling

Die landboubedryf verteenwoordig die grootste bydraende sektor tot die streekseksonomie. Dit is veral skommeling in en negatiewe invloede op die sektor wat die streekseksonomie negatief affekteer. Vrese is uitgespreek oor die:

- wisselende produkpryse;
- nuwe arbeidswet wat probleme vir werkskepping kan veroorsaak en
- sluiting van groot nywerhede.

Daar is saamgestem dat ekonomiese sektore wat potensiaal toon vir groei, soos toerisme, beskerm en ontwikkel moet word.

Infrastruktuur

Dit is veral plaaswerkers wat ontevrede is met die standaard van of gebrek aan infrastruktuur vir plaaswerkershuise. Op sommige plase bestaan geen dienste soos elektrisiteit en of binne-huise lopende water.

Infrastruktuur soos septiese tenks of putriole wat wel bestaan, word nie onderhou nie en is dit kommerwekkend dat riool die oppervlak tussen en naby huise bereik. Straatlligte is beperkend en skep 'n onveilige situasie.

Vervoer en Paaie

Die gebrek aan sypaadtjies langs hoofverkeersroetes skep gevaarlike toestande vir voetgangers. Daar is ook 'n behoefte aan meer bekostigbare openbare vervoergeriewe soos busse. Busdienste bestaan wel, maar volg slegs spesifieke roetes en individue wat ver van hoofroetes woon, ondervind probleme om die diens te gebruik. 'n Algemene probleem wat voorkom, is die swak en onveilige paaie en grondpaaie. Padtekens ontbreek, geen beligting bestaan nie en voetganger-oorgange is nie aangebring nie.

Kultuurerfenis

'n Interessante opmerking is gemaak dat die landboubedryf en die wynbou in die besonder as 'n streekskultuur geag word en beskerm en gepromoveer word. Die unieke kultuurhistoriese elemente in die streek soos die ou blokhuse wat uit die Anglo-Boereoorlog dateer, ou stasiegeboue en spoorweghuse ens. moet vir die nageslagte bewaar word.